
# Hoofstuk 1.7

# DIE DROOM WORD WAAR!

# (1916-1919)




**"Deze vergadering spreekt het als hare overtuiging uit en besluit, dat geen stap genomen moet worden om medewerking van de Theologiese School en 't Kollege Departement van de Gereformeerde Kerk met andere lichamen te verzekeren met 't oog op universitaire onderwijs, waardoor het medezeggingskap onzer Kerk, voornamelik tot handhaving van onse beginselen niet bewaard blijve. In sodanig geval besluit zij dan liever pogingen aan te wenden en middelen te beramen waardoor zij in staat gesteld worden om te ontwikkelen tot een eigen Vrije Universiteit op Gereformeerd grondslag met of zonder samenwerking van andere lichamen, met of zonder staatssubsidie."**

**- Kuratore Notule 29.11.1916 art. 10**

**"Ik kan er niet genoeg op wyzen, niet dringend genoeg, dat de Theologische School de eenige kern van Hooger Onderwys hier te lande is, waar het Hollandsch by alle vakken de voertaal is, en waar de rechte geest heerscht … En ik kan U en Uwe vrienden niet dringend genoeg vragen, om die kern toch met al Uwe krachten te ondersteunen. Als er één instelling is, die Uwe hulp verdient, Uwe voortdurende hulp, dan is het deze School, waar de Professoren zich tevreden stel met een schamel loon, en de studenten zich heelwat ontberingen moeten getroosten ter wille van hun overtuiging en hun vaderlandsliefde."**

**- ADR Bisschop/Bestuur Voorschotkas, 7.9.1918**

## 1.7.1 Nuwe universiteitsbedeling

Die aanvaarding van drie Universiteitswette in 1916 sou drastiese veranderinge in die breë tersiêre opleiding in Suid-Afrika tot gevolg hê. Twee van hierdie wette het beslag gegee aan die eerste twee selfstandige universiteite in die land, te wete die Universiteit van Kaapstad (die ou South African College) en die Universiteit van Stellenbosch (voorheen die Victoria Kollege). Die derde, Wet nr 12 van 1916, het die Universiteit van Suid-Afrika as wettige opvolger van die eertydse Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop in aansyn geroep. Al drie universiteite het formeel in 1918 begin funksioneer. [1]

'n Aantal kleiner opvoedkundige kolleges, wat nie sterk genoeg was om op eie bene te funksioneer nie, is in federale opset opgeneem in die boesem van die Universiteit van Suid-Afrika. Hierdie inrigtings was die Hugenote Kollege te Wellington, die Grey, Natalse en Transvaalse Universiteitskolleges te Bloemfontein, Pietermaritzburg en Pretoria onderskeidelik, die Johannesburgse Mynskool en die Rhodes Kollege te Grahamstad. [2]

"Die godsdienstige neutraliteit wat 'n kenmerk van die ou universiteit was", skryf Boucher, "is in die inlywingswette van al drie sy opvolgers behou. Die sogenaamde "gewetensklousule" is egter onder party Afrikaners as beperkend en onchristelik beskou." [3]

Teen die agtergrond van hierdie verwikkelinge en die toenemende fokus op die sogenaamde gewetensbepaling, wat alreeds in 1886 in die woordeskat van die Gereformeerde ondersteuners en bevorderaars van die Teologiese Skool 'n ongunstige betekenis gekry het, sou die Teologiese Skool met sy Literariese Departement in die jare 1916 tot 1919 steeds diep en ernstig besin oor hul rol en plek binne die breë tersiêre onderwysopset.

Die ingrypende nuwe bedeling in die Suid-Afrikaanse universiteitswese is sonder veel fanfare op 2 April 1918 betree. Die nuwe Universiteit van Suid-Afrika het stilweg by sy voorganger, die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, oorgeneem terwyl daar slegs 'n "bietjie viering" by die samestellende kolleges te bespeur was. [4] Die opgetekende geskiedenisse van die Universiteite van Pretoria en Witwatersrand vermeld geen spesiale aksies op die dag nie, terwyl – begryplikerwys – die vreugdevure by die enigste twee volwaardige doserende universiteite, Kaapstad en Stellenbosch, hoog gebrand het. Die Senaat van laasgenoemde inrigting het die gebeurtenis beskou as 'n gewigtige stap vorentoe op die gebied van hoër onderwys in Suid-Afrika. [5]

Die Teologiese Skool met sy Literariese Departement (oftewel Kollege Departement) het nog ietwat verward en uiters beswaard buite in die koue gestaan. Daar was ook nie juis veel erg aan die historiese gebeure van 2 April 1918 nie.

Met die opening van die Teologiese Skool/Kollege Departement vroeg in April 1918 het Postma die heersende onderrigbeleid in die land gemeet aan die beginsels wat die Hervormingsfees ten grondslag lê, naamlik die handhawing van die eer van God op alle lewensterreine, die in-ere-herstel van en die gewetensvryheid in gebondenheid aan Gods Woord. Sy swartgallige konklusie was: "31 Oktober, die dag van die Hervorming, wijd en sijd in Suid-Afrika gevier, en 2 April 1918, die dag van die wettelike tot standkoming van die drie Universiteite is met mekaar in lijnrechte strijd. Wat op 2 April gebeur het wettig ons om te sê dat die viering van 31 Oktober **leugen** en **bedrog** was."


Verwysende na Calvyn wat drie Skriftekste in die voorportaal van sy kollege uitgebeitel het, wonder Postma of een van die universiteite dit sal waag om so iets te doen. Nee, so 'n voorstel sou met allerlei voorwendsels afgewys word, net soos die naam van God uit die grondwet van die Unie geweer is.

Dan rig hy hom direk tot sy toehoorders, die dosente en studente: "Onse strijd is moeilik en swaar, maar als ons ons Kalviniste wil noem, dan moet ons ook die Kalvinistiese beginsels op die gebied in die Skool hoog hou ... Bijna 50 jaar het God die Skool in stand gehou ... Laat ons dus volhard in die strijd om **erken** te word sonder dat ons beginsel prijsgegee word. Als ik een gedagte mag uitspreek dan sal dit wees dat, als ons misskien in 'n korte tyd in staat sal wees om 'n Kollege-gebouw op te rig, op die voorportaal sal uitgebeitel word een van die Skrifwoorde wat Kalvijn uitgekies het." [6]

Postma se ideaal van 'n paslike Skrifwoord as logo van 'n "Kollege-gebouw" wat opgerig sou word, sou weldra verwesenlik word. Hoewel dit nie opsigtelik, soos hy voorspel het, wyd en syd afgewys sou word nie, sou die handhawing van die verhewe beginsel daarin nie sonder stryd en soms selfs verguising gepaard gaan nie. Postma en diesyne sou roepende stemme in die woestyn van geleerdheid word.

## 1.7.2 Reorganisasie en herbesinning

Aan die begin van 1916 het die personeel van die Teologiese Skool bestaan uit altesaam ses professore en twee lektore, naamlik [7] dr JD du Toit, professor in Teologie en rektor vir 1916 (Etiek, Staatsleer), dr SO Los, professor in Teologie (Filosofie, Psigologie,



***1.7.1***

***Personeel en studente 1916. Voor: Professore dr F Postma, dr SO Los, dr JD du Toit, SPE Boshoff MA, APC Duvenage BA, FJ le Roux BA, prof J Kamp. Middel: A Duvenage, I van Rooy, HS van Jaarsveld, BJ de Klerk, CWM du Toit, ELJ Venter, JC van Rooy. Agter: R du Preez, JA Pretorius, HA Steijn, HG Schulze, PJS de Klerk, DG Venter, LJ du Plessis, ASE Ijssel, DJ van Rooy, FH Duvenage.***

Pedagogiek), dr F Postma, professor in Lettere (Filosofie, Latyn, Grieks), APC Duvenage, professor in Wis- en Natuurkunde, J Kamp, professor in Nederlandse Taal en Geskiedenis, SPE Boshoff, lektor (Nederlands, Geskiedenis) en FJ le Roux, lektor (Engels)

Daar is byna 'n Babelse bronneverwarring oor die presiese datum van oorplasing van matrieks na Potchefstroom Gimnasium: was dit 1915, of 1916? *Fac et Spera*, wat vanaf 1916 as mondstuk van die skool gedien het, hou voor dat dit in 1916 geskied het, terwyl die gedenkboek van die skool, wat in 1982 onder die titel *Potchefstroom Gimnasium 1907-1982* verskyn het, dit in 1915 dateer (p 27). Die verslag van die kuratore aan die 1916-sinode reken nie matrieks in by die studentetal van 1915 nie omdat hulle "zijn ingedeeld bij het Potchefstroom Gymnasium".[8] Hierdie verwarring reflekteer op sy beurt weer in die statistiek. Volgens die kuratore se verslag was daar in 1915 slegs 21 studente aan die Teologiese Skool, terwyl GCP van der Vyver beweer dat die studentetal in dié jaar "op 56, sy hoogste merk", gestaan het.[9] Net om dinge nog ingewikkelder te maak, verskyn daar 45 studente op die foto van personeel en studente vir 1915!

Inderdaad het die oorplasing aan die einde van 1915 geskied en het dit die prentjie drasties verander, vir sover dit die studentegetalle van die Teologiese Skool betref.

Teenoor die 42 in 1913 en die 39 van 1914, val die syfer na slegs 21 in 1915 (matrieks uitgesluit). En in 1916 neem dit af tot 'n skrale 16.[10] Dit was duidelik dat diep en ernstig besin sou moes word oor die pad vorentoe: sewe dosente vir slegs 16 studente skep allermins 'n bemoedigende prentjie vir 'n instansie wat besig was om vir hom 'n plek in die wordende universiteitsopset te beding. Die stryd sou gelyktydig op twee fronte gevoer moes word: enersyds 'n stryd na buite om erkenning en finansiële ondersteuning, andersyds na binne die aggressiewe werwing van studente.

Na die eerste maar mislukte poging om van staatsweë finansiële ondersteuning te verkry, het rektor JD du Toit die kuratore op 8 Maart 1916, ten tye van die sinode van die Gereformeerde Kerk, in 'n spesiale vergadering te Potchefstroom byeengeroep en wel om sake "in verband met de reorganisasie van 't Literariese Departement tot 't Kollege Departement" af te handel voordat die sinode die volgende dag met sy verrigtinge

'n aanvang sou neem. Ook die professore en lektore het die vergadering bygewoon. [11]

Hierdie reorganisasie is behandel aan die hand van 'n dokument wat ingedien is deur teologiese professore Los en Du Toit en kurator ds WJ de Klerk. Onmiddellik hierna is 'n skrywe van proff F Postma en J Kamp voorgelees, waarna albei partye geleentheid vir toeligting gegee is.

Hoewel die voorlegging van Los, Du Toit en De Klerk nie opgespoor kon word nie, vermeld die notule tog een en ander oor die aard en die inhoud daarvan. So lees 'n mens dat hulle die Literariese Departement as 'n selfstandige fakulteit naas die teologiese wil sien, dat die naam van die inrigting gewysig word na "De Theologiese School en Het Riebeek Kollege van de Geref. Kerk in Zuid Afrika", dat sowel literariese as teologiese professore voortaan die rektorskap kon beklee. Verder word vermeld dat die Literariese Departement deur twee professore en twee lektore beman moes word, om deeglike werk te kan lewer. [12]

In hulle voorlegging beklemtoon Postma en Kamp die noodsaaklikheid van volgehoue wisselwerking met die Potchefstroom Gimnasium en dat die huidige vyf leerkragte betrokke by die literariese afdeling behou word, veral omdat daar aanduidings van groei is. Met inagneming van "de eis van het werk en de maatschappelike verpligtinge der Professore" word 'n salaris van £400 tot £550 vir professore voorgestel. [13]

Die feit dat die teologiese professore en ds De Klerk se voorlegging net vier poste vir die voorgestelde selfstandige Literariese Departement geallokeer het, hang saam met die gedagte wat destyds baie sterk gestaan het, naamlik dat die wis- en natuurkundige vakke afgeskaf moes word. Heel toevallig is prof APC Duvenage op hierdie betrokke vergadering van die kuratore onomwonde meegedeel dat sy pos teen die einde van 1916 ontruim moes word – die rede synde egter nie rasionalisasie nie, maar studenteklagtes oor sy onvermoë om klas te gee, vanweë 'n gebrek aan takt. [14]

Die voortbestaan al dan nie van die matematiese vakke as deel van die Literariese Departement is eers op kuratorevlak en daarna deur die sinode bespreek, voordat dit na die breë sinodale kommissie wat oor die toekoms van die betrokke departement of afdeling moes besluit, verwys is. Hierdie kommissie het, nadat dit op twee vergaderings beredeneer is, die aangeleentheid egter weer terugverwys na die kuratore. [15]

In die maalkolk van besprekinge en onderhandelinge oor die toekomsbedeling het hierdie kwessie as 't ware outomaties uitgefaseer en het die betrokke vakke nie net gebly nie, maar boonop 'n belangrike komponent uitgemaak van die inrigting vir hoër onderwys wat spoedig uit die onderhandelinge verrys het. Die kuratore se hieropvolgende aanvaarding van die voorstelle vir losmaking van die Literariese Departement, vir die oopstel van die rektoraat vir professore uit albei afdelings en dat die Literariese Departement deur twee professore en twee lektore beman sou word, dui op die besef dat die sand in die Teologiese Skool se voogdy-uurglas haas uitgeloop was.

Net oor die naam van die nuwe dubbeldoorinrigting is daar bietjie gekibbel. Die voorgestelde naam was dalk bietjies te lank: wat van "De Theologiese School en Het Johan van Riebeek Kollege", sê-vra kuratore D Postma en WJ de Klerk met 'n voorstel. Maar nee, kollegas P Postma en T Hamersma kom vorendag met 'n "vooraalsnog"-naam, "De Theologiese School ("Literaries Departement")". En dit word aanvaar. [16]

Die vorm van die voorasnog-naam weerspieël nie ten volle die waarskynlik bedoelde gelykwaardige status wat in die besluit opgesluit is nie – andersinds sou dit meer korrek geskryf kon word as "Teologiese Skool/ Literariese Departement". Soos dit aangebied is, as "Teologiese Skool ("Literaries Departement")" dra dit eerder die karakter van 'n alternatiewe benaming. Dit is ook vreemd waarom nie liewers die al byna geykte benaming "Kollege Departement" as addisionele naam besluit is nie, veral waar laasgenoemde benaming steeds in die debatte rondom die toekoms van die inrigting gebesig sou word.

Ander sake wat tydens die vergadering behandel en gereël is, raak die salarisse van lektore en professore, die aanbieding al dan nie van matematiese vakke en die doen van ekstra werk deur die literariese professore. Van hierdie sake is vir latere bespreking geoormerk. [17]

Tydens die vergadering is ook kennis geneem van prof Postma se korrespondensie met die minister van Onderwys oor die skynbare onmoontlikheid vir die inrigting se studente om ooreenkomstig die nuwe wet eksamens af te lê, en oor moontlike affiliasie van die Literariese Departement met die beoogde nuwe federale universiteit.

Ds Petrus Postma het op sy beurt verslag gedoen van samesprekinge wat in Kaapstad met die regering gevoer is, waaruit blyk dat studente van buite tog onder sekere voorwaardes tot eksamens toegelaat sou word. Van groter belang was egter die mededeling deur die minister dat hy in die komiteestadium van die wetsontwerp 'n amendement sou aanneem wat geleentheid aan enige kollege sou bied om later in te skakel. Vir Potchefstroom het hy die weg daartoe duidelik uitgespel, naamlik "door af te sien

van ons sektaries beginsel en dat onze mogelike inkorporasie moet geschieden door middel van 'n Privaatwetsontwerp". Verdere detail was dat die regering drie en die kuratore ses lede sou kon aanwys op 'n raad wat na die sake van die kollege moes omsien. Professore van die kollege sou sitting neem in die Raad van die federale universiteit en studente sou ook kwalifiseer vir beurse van dié universiteit. [18]

Kurator Postma en prof Du Toit is aangewys om al die inkomende inligting te verwerk en 'n konsepvoorstel voor te berei. Dit is dieselfde middag nog aan die orde gestel. Hoewel die besprekinge tot dusver nog geen definitiewe resultaat opgelewer het nie en die hele universiteitskwessie steeds hangende is, word aanbeveel dat die onderhandelinge ten opsigte van sowel subsidie as affiliasie "en wat daarmee anneks is", voortgesit sal word. Dit sou geskied deur 'n kommissie bestaande uit die kuratorium, die Senaat en ses lede deur die sinode aangewys. [19]

## 1.7.3 Sinodes en kommissies … Quo Vadis?

Aan die hand van al die inligting wat deur individue en kommissies ingewin is, sou daar tydens die sinode van 1916 diep en ernstig besin word oor die toekoms van sowel die Teologiese Skool as die Literariese Departement. Die grondtoon van die rapport en prae-advies wat voorgelê is, was die onsekerheid vanweë die feit dat die universiteitskwessie as geheel nog in die lug gehang het. Dit neem egter nie die dringendheid van voortgesette onderhandelinge en posisionering weg nie en daar is aan die benoemde breë kommissie volmag verleen om "alle voorstellen aangaande subsidie, affiliatie en samenwerking in overweging te nemen en daarover te besluiten op zulk een wijze dat het **medezeggenschap** onzer Kerk, voornamelik tot handhaving van onze beginselen bewaard blijve". [20]

Ander kuratorevoorstelle om die Literariese Departement "tot meerdere zelfstandigheid te brengen", naamlik die "voorasnog"-naam van die inrigting, dat professore uit albei afdelings die rektoraat kon beklee en dat voortaan professore en lektore in die departement werksaam kon wees, is net so deur die sinode aanvaar. [21]

Dit was kompleet asof daar 'n gelatenheid by die sinode ingetree het, hulle begin besef het dat hulle voor 'n voldonge feit geplaas is. Vandaar die aanvaarding van die kuratorereëling dat die matriekklas as deel van middelbare onderwys voortaan by Potchefstroom Gimnasium ressorteer. [22] Dit was duidelik dat die matriekklas eerder moes gaan as dat verdere finansiële kostes ten opsigte van meer personeel vir die Literariese Departement aangegaan word. Soos blyk uit 'n onaanvaarde voorstel, is die vae hoop steeds deur sommiges gekoester dat vrye Christelike onderwys nog gehandhaaf sou word. [23]

'n Kommerwekkende item in die kuratoreverslag was die opmerking dat daar gevaar bestaan "dat er een tijd zal komen, dat er geen theologiese studenten aan de Theologiese School zullen zijn". [24] En dit, terwyl vroeër in die sinode "met genoeë" uit die kuratoreverslag kennis geneem is van die vordering van die studente en die vooruitgang van die Teologiese Skool. [25] Die laaste verwysing was skynbaar maar net beleefdheidshalwe want 'n studentetal van 21 in 1915 was nie juis iets om op te roem nie.

Daar is ewenwel besluit dat "deze ernstige stand van zaken" met 'n gepaardgaande skerp vermaning onder die aandag van gemeentes gebring moet word, terwyl gemeentes wat oudergewoonte agterstallig was met hul finansiële bydraes, dringend versoek is om hulle kant te bring. [26]

Wet nr 12 van 1916, wat vanaf 27 April 1916 in werking getree het, het voorsiening gemaak vir die daarstelling van 'n nasionale, federale universiteit met 'n aantal staatsondersteunde samestellende kolleges, en daarnaas die universiteite van Kaapstad en Stellenbosch. 'n Instelling soos die Teologiese Skool is as "ekstern" en dus as 'n buitestander beskou, wat in effek beteken het dat professore van die inrigting geen seggenskap sou hê oor leerplanne en eksamens nie terwyl die studente ook in verskeie opsigte benadeel sou word teenoor sogenaamde "interne" studente.

Die breë sinodale kommissie, wat einde November 1916 saam met die kuratore vergader het, het aanvanklik gemeen dat affiliasie met een van die genoemde samestellende kolleges 'n opsie was, "d.w.z. om deel uit te maak van een of ander Kollege en so nie meer als 'buitestanders' beschouw te word". As sub-kommissie om hierdie saak te ondersoek is benoem proff Du Toit en Postma en ds Willem Postma. [27] Omdat die nuwe wet nie uitdruklik vir sodanige affiliasie voorsiening gemaak het nie, moes die saak met die Statutekommissie, wat na alle fasette van die implementering van die wet moes omsien, opgeneem word. Hierdie kommissie, bestaande uit verteenwoordigers van die drie groot rolspelers (die Universiteite van Suid-Afrika, Kaapstad en Stellenbosch), se taak was om orde uit die chaos van die Suid-Afrikaanse universiteitswese te bring. [28]

Tydens die November 1916-vergadering van die kuratore saam met die kommissielede het die affiliasieplanne aandag geniet, met die oog op 'n vergadering van die Statutekommissie van die regering wat in Desember te Kaapstad gehou sou word. Die kuratore was beslis: "Deze Vergadering spreekt het als hare overtuiging uit en besluit, dat geen stap genomen moet worden om

medewerking van de Theologiese School en 't Kollege Departement van de Gereformeerde Kerk met andere lichamen te verzekeren met 't oog op universitair onderwijs, waardoor het medezeggingschap onzer Kerk, voornamelik tot handhaving van onse beginselen niet bewaard blijve. In sodanig geval besluit zij dan liever pogingen aan te wenden en middelen te beramen waardoor zij in staat gesteld worden om te ontwikkelen tot een eigen Vrije Universiteit op Gereformeerd grondslag met of zonder samenwerking van andere lichamen, met of zonder staatssubsidie." [29]

Opmerklik in bostaande betoog is die verwysing na Kollege Departement – die goedgekeurde maar taalkundig powere dubbeldoor benaming "Teologiese Skool (Literariese Departement)" het skynbaar nooit van die grond gekom nie.

Die notule van die byeenkoms einde November noem dit nie, maar uit ander bronne blyk dit dat affiliasie met die Grey Universiteitskollege (GUK) wel by hierdie geleentheid ter sprake was. Die Nederlandse verteenwoordiger van die NZAV geaffilieerde Zuid-Afrikaansche Voorskotkas, die heer ADR Bisschop, wat vanweë die vroeëre Nederlandse finansiering vir die Teologiese Skool op uitnodiging aanwesig was, sê dat die kommissie se doel was om onder meer "na te gaan de kwestie van aansluiting van de Theologische School by een der Universiteiten". En verder: "De beraadslagingen liepen over de kwestie, of de Theol. School zich moet affilieerde met het Grey Universiteitskollege te Bloemfontein, of zich trachten te ontwikkelen tot een kollege, dat kan worden aangenomen als een "samenstellend kollege" van de Universiteit van Z. Afrika (Noordelijke Universiteit)."

Bisschop ontleed die situasie verder: indien met GUK geaffilieer word, word die Teologiese Skool 'n onderdeel van die Bloemfonteinse kollege. Hiervoor is geen uitbreiding nodig nie, dit kan onmiddellik geskied. Indien die tweede weg gevolg word, sal meer studente verkry moet word (minstens 40, teenoor die huidige 16) asook 3 tot 4 ekstra professore.

Vir sy aanwesigheid op die vergadering gee Bisschop die volgende insiggewende verklaring: "Men was bevreesd, dat er in de vergadering bezwaren gemaakt zouden worden tegen het invoeren van het Hollandsch als eenig medium van onderwys, en men wenschte, dat ik zou aanwezig zyn om de voorstanders te helpen deze tegenstand te overwinnen. Als men op een vergadering verschynt met een belofte van £800 in de zak, dan heeft men, schynt het, de beslissende stem!" [30]

Maar Bisschop het nog iets in die wandelgange te Potchefstroom opgediep. Van iemand "die bizonder bevriend is met de onderwys authoriteiten te Bloemfontein" het hy verneem "dat daar het ernstige plan bestaat om langzamerhand het Grey Universiteits Kollege te ver-Afrikaniseeren. Men wil daar mettertyd het Hollandsch invoeren als voertaal van het onderwys".

Dit klink na 'n lekker ou skinderstorietjie, borduur Bisschop voort, maar dis nie noodwendig onwaar nie: Noudat die Mynskool te Johannesburg in 'n universiteit wil verander, "wil men te Bloemfontein trachten ontslagen te raken van een aantal ingevoerde krachten; men tracht die weg te rekommandeeren naar Johannesburg". En hulle plekke sal dan met tweetalige Afrikaner professore opgevul word. Hy knoop hierdie planne aan die besprekinge oor affiliasie van die Teologiese Skool met GUK. Maar asseblief: die segsman het dit aan hom "in strikt vertrouwen" vertel, slapende honde moet nie wakker gemaak word nie. [31]

Latere verwikkelinge sou meer lig werp op hierdie inisiatief, en op die identiteit van Bisschop se onge-noemde informant.

Tydens die November-beraad is ook besluit dat deur bemiddeling van dr WJ Viljoen, direkteur van Onderwys in die Vrystaat, wat as verteenwoordiger van die kleiner instellinge opgetree het, met die Statutekommissie geskakel sou word om die beginsel van uiteindelike affiliasie in die statute opgeneem te kry. Daar kon dan later besluit word of affiliasie op die neergelegde terme moontlik en wenslik is. In geval daar langs hierdie weg nie sukses behaal word nie, moes die kommissie die betrokke owerhede nader met die oog op opname as samestellende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika op so 'n wyse "zodat 't medezeggenschap onzer Kerk voornamelik tot handhaving van onze beginselen bewaard blijve". [32]

Ds WJ de Klerk, van oudsher af 'n groot voorvegter vir 'n eie, vrye universiteit, en saam met hom oud-literariese professor JA du Plessis, het die gevoel van 'n minderheid in die vergadering vertolk met 'n voorstel dat die ideaal op die voorgrond en nie as alternatief gestel word nie. [33]

Byna 'n jaar sou intussen verloop voordat weer op die breë vlak van die sinodale kommissie aandag aan die toekoms van die Teologiese Skool/Kollege Departement gegee sou word. In dié tyd is daar egter steeds besin en na rigting en koers gesoek, veral deur 'n man soos Ferdinand Postma, wat steeds besig was om in statuur te groei.

Tydens die sinode van 1916 is 'n aanbeveling van die kuratore oor die wisseling van die rektoraat tussen al die professore, na die bestuursliggaam terugverwys. [34] Laasgenoemde het gevolglik tot aksie oorgegaan en, op aanbeveling van die Senaat, prof Postma vir 1917 en prof

Jan Kamp vir 1918 as rektor aangewys. [35] In sy nuwe hoedanigheid en te midde van al die onderhandelinge, bespiegelinge en besinning oor die toekoms van die inrigting, het Postma hom nie onbetuig gelaat oor die rigting en koers vorentoe nie.

Só wys Postma by die opening van die Teologiese Skool "aan die begin van 1917 op die gewig van hier die jaar wat ons ingetree het, dat vir onse Kollege beteken er op of er onder, nou die nieuwe Universiteitswet in werking getree het. Ons het nou 25 studente". [36] Die geradbraakte taal (styl en spelling) is dié van prof Los, wat as notulehouer opgetree het in 'n tyd toe Afrikaans nog gesukkel het om sy voete te vind.

In Maart 1917, by die afsluiting van die eerste kwartaal se werksaamhede, roep Postma weer kollegas en studente tot verantwoording met die vraag: "Wat wil ons?" [37] Hy baseer sy vraag op die "geheel andere toestand van sake" wat deur die nuwe onderwyswet geskep is en spreek dit as sy oortuiging uit "dat die nuwe wet die doodsvonnis is van onse Skool, tensij dit ons geluk met Gods hulp en deur eendragtige samewerking die dreigende gevaar af te weer". Na alle waarskynlikheid, en soos blyk uit die res van sy rede, het Postma as lid van die betrokke kommissie reeds op hierdie stadium uitsluitsel gehad oor die kwessie van affiliasie.


Hy beredeneer die saak verder: "Daar is twee wege vir ons ope. Die eerste, en naar mij opvatting, die allerbeste is 'n Vrije Hogeskool, waarin onse kristelike-nasionale beginsels tot hul reg kan kom. Ons vrees egter dat die neiging in ons land om veel oor beginsels te praat maar daarvoor so min mogelik op te offer nog te seer in swang is en nog tientalle van jare sal bly om 't te waag om al die knellende bande af te skud en in 'n vrije rigting in ooreenstemming met onse beginsels te ontwikkel. Tog sal dit die einddoel moet blij. Maar nu hiertoe te kom en om intussen die dreigende gevaar af te weer moet alle kragte ingespan word om een van die erkende samestellende kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika te word."

Vir Postma gaan dit hier en nou om tussentydse selfbehoud: "Die lewe moet behou word en dan kan daar 'n verdere ontwikkeling wees. Dit wil egter nie sê nie dat, als dit ons mag geluk om deur wetgewing een van die erkende samestellende Kolleges te word, ons daarmee onse beginsels sal prysgee ... Daar bestaan 'n mogelikheid om met behoud van onse karakter erken te word en in die rigting moet en sal daar gewerk word deur persone daartoe te benoem."

Die inrigting beskik nie oor geld om studente uit alle dele van die land te lok nie, daarom des te meer moet die onderwys van so 'n gehalte wees dat dit nie alleen op gelyke voet met die van ander kolleges kan staan nie, maar moet dit só in deeglikheid en voortreflikheid uitmunt – met deurlopende hoofdoel karaktervorming ooreenkomstig die inrigting se Christelik-nasionale beginsels – "dat daardeur die begeerte bij vele moet ontwaak om ook desnoods sonder die finansiële hulp alhier opgelei te word in hogere studie".

Op professore en studente rus daar dus swaar verpligtinge en sal groot opofferinge deur hulle gemaak moet word, en Postma moedig sy toehoorders aan om veral behulpsaam te wees met die werwing van studente en ondersteuning van die Jubileumfonds. Ter illustrasie van sy wekroep tot voortreflikheid, en ook ter weerspreking van die opvatting dat die inrigting onbekwaam is om studente vir die hoër vakke op te lei, word die besondere akademiese prestasie van student LJ du Plessis genoem.

Daar is reeds bo verwys na Du Plessis, wat vir sy prestasie in die matriekeksamen 'n beurs van die UKGH verwerf het maar dit nie aan die Teologiese Skool kon benut nie. Afgesien van die Senaat se protes, het prof Ferdinand Postma destyds persoonlik in Stellenbosch en Kaapstad by raadslede van die UKGH



***1.7.2***


***LJ Du Plessis as student. Toe hy nie met sy beurs aan die Teologiese skool verder kon studeer nie, het hy in 1917 sy BA-Honneurs in Klassieke Tale aan die TUK verwerf. In 1918 is hy as lektor in die Klassieke aan die Teologiese Skool aangestel.***

gepoog om "de student recht te laat geschieden", maar sonder sukses. Deur oproepe in *Het Kerkblad* is fondse ingesamel "tot verdelging van onrecht". [38] Só kon die slimkop sy studies rustig op Potchefstroom voortsit en behaal hy aan die begin van 1917 sy B.A.-graad, met lof in al sy vakke. Weer verwerf hy 'n beurs vir verdere studie, ter waarde van £40, maar steeds is die onverbiddelike voorwaarde dat hy sy studies aan 'n erkende instelling voortsit. [39]

Die Du Plessis-geval het vir Postma duidelik getoon dat daar net een weg oop was, naamlik om deur wetgewing ook een van die erkende kolleges te word. Postma verwys ook in dieselfde verband na die vrywillige finansiële steun van Nederlandse vriende, waardeur prof Boshoff se dienste vir 'n paar jaar verseker is, en na pastoor A Kohl (oftewel "Ds Kool", soos prof Los in sy notulering na hom verwys!) [40]**,** van die Lutherse kerkgenootskap, wat vrywillig Duitse lesse aanbied. "Dit alles", sê Postma, "moet ons bemoedig om nie sugtend en klagend nie, maar met moed en lus ons te wij aan ons heerlike taak". Aan die studente spesifiek is sy boodskap dat hulle saam met die professore medestryders is "om uw en onse self-behoud, die behoud van ons kristelike-nasionale beginsels". [41]

Met sy intieme kennis van die eise wat vir opname in die groter geheel gestel word, het Postma hom hart en siel gewy aan die werwing van studente en het hy hom veral tot die Gereformeerde gemeenskap gewend, met beroepe in dié kerk se mondstuk. [42] In Mei 1917 is 'n omsendskrywe namens die Senaat van die Teologiese Skool en onder hand van Postma as voorsitter aan al die Gereformeerde Kerkrade gestuur, waarin 'n ernstige beroep gedoen is vir die werwing van studente. Vir erkenning as 'n samestellende kollege is minstens 50 studente nodig – en die getal staan tans maar op 27. Maar Postma is optimisties: "Voorzeker is het niet onmogelik om de ontbrekende 23 uit onze Gereformeerden Gemeenten te krijgen en uit degenen die, hoewel niet tot onze Kerk behorende, toch dezelfde beginselen toegedaan zijn als wij." [43]

Op 23 Oktober 1917 kom 'n ses-en-twintigtal persone op Potchefstroom in vergadering saam: al nege kuratore, vyf van die ses lede van die sinodale kommissie, die ses senaatslede, vier belangstellende predikante en die "kurator in verband met 't Kollege Departement", die heer A Bisschop. Op versoek van voorsitter, ds T Hamersma, lees skriba ds Dirk Postma voor uit Spreuke 9, "Die Feesmaal van die Wysheid" (só aangedui in die 1953-vertaling).



***1.7.3***

***Pastoor A Kohl - het vrywilliglik lesings in Duits aangebied.***

Dalk het ds Postma die klem gelê op strofes 9 en 10: "Deel mee aan die wyse, en hy sal nog wyser word; leer die regverdige, en hy sal insig vermeerder. Die beginsel van die wysheid is die vrees van die Here, en kennis van die Heilige is verstand." Hoe ook al, in hul besinning oor die pad vorentoe vir die Teologiese Skool en die Kollege Departement, sou daar groot wysheid en insig van hierdie gewigtige kongregasie vereis word. 'n Byeenkoms wat inderdaad gekenmerk sou word deur "getrouwe opkomst en ijverige bijwoning ter bespreking van deze gewichtige zaak". [44]

Tydens hierdie samesprekinge het prof Postma gerapporteer en is dit per brief deur die Universiteit van Kaapstad [45] bevestig dat affiliasie nie wetlik moontlik was nie. Aandag sou nou gegee word aan die moontlikheid om 'n konstituerende (samestellende) kollege van die nuwe Universiteit van Suid-Afrika te word, met behoud van beginsels. [46] Wat tog 'n wyse besluit blyk te gewees het: hierdie nuwe federale universiteit is destyds al bestempel as "een tussen-stadium in de ontwikkelingsgeschiedenis van het hoger onderwijs in Zuid-Afrika … feitelik de gelegenheid, welke de kolleges hebben om zich tot geheel zelfstandige inrichtingen te ontwikkelen." [47]

Ná die mislukking van die affiliasieplanne die vorige jaar het proff Du Toit en Postma 'n onderhoud gevoer met minister FS Malan, wat onderneem het om deur middel van 'n privaat wetsontwerp erkenning aan die Kollege Departement te verleen. Volgens afspraak het die kommissie toe 'n skrywe aan die minister gerig, waarin die volgende drie beginsels vervat is, naamlik dat die kollege geen sektariese standpunt inneem nie, dat die regering op die raad van die kollege verteenwoordig sou word, en dat die geboue en gronde van die kollege in naam van die te benoemde raad getransporteer word. Nadat die minister sy goedkeuring aan die neergelegde beginsels verleen het, is daar 'n verdere gesprek met hom gevoer, op grond waarvan opdrag aan advokaat HS van Zyl en prokureur Jan S de Villiers van Kaapstad gegee is om 'n wetsontwerp op te stel. [48]

Nadat hierdie basiese inligting oorgedra is, het die professore en veral rektor Postma gewys op die onhoudbaarheid van die posisie van die kollege ten opsigte van eksamenprobleme, waardeur studente baie benadeel sou word. [49]

Dit was genoeg pitkos vir die middagetepouse. Om drie-uur het die "rijpe bespreking" begin.

"Aan de orde wordt gesteld de **gewetensklausule** van de Wet en 't Wetsontwerp, n.l. of wij bij aanvaarding van dit wetsontwerp toelaten zullen om geen navraag te doen naar de godsdienstige overtuiging van de aan te stellen Professoren; en of wij ertoe overgaan zullen om ons **Kollege Departement te inkorporeren** bij de Universiteit van Zuid-Afrika …"

Na die bespreking wyd geloop het, is twee voorstelle ter tafel geneem. Dié van eertydse professor JA du Plessis, ondersteun deur ds H Pasch, wou die saak van inkorporasie uitstel sodat die bestaande kommissie meer inligting kon inwin en desnoods ook ander planne ter oorweging voorlê. Hy stel ook voor dat 'n propagandakommisie benoem word om die oprigting van verenigings van hoër onderwys [50] en geldinsameling vir die Jubileumfonds te bevorder. En die kuratore word versoek om toe te sien dat studente volgens die bepalings van die nuwe wet geëksamineer sal word.

Prof Los, ondersteun deur kollega Postma, vra op hulle beurt 'n beginselbesluit tot inkorporasie en dat die besonderhede van die indiening van die betrokke wetsontwerp deur die vergadering behandel word. As alternatief moet ander planne bespreek word. [51]

Vir die res van die middagsitting en ook die volgende dag duur die bespreking voort. Prof Los versoek dat sy voorstel onttrek word en hy en die res van die professore versoek om buite stemming te bly – wat moontlik daarop dui dat besprekinge by tye dalk warm kon geraak het. Uiteindelik is 'n kommisie gevra om 'n nuwe voorstel op te trek, en di Willem Postma en JGH van der Walt word saam met prof Kamp vir dié doel aangewys. [52]

Die voorstel van hierdie kommissie het as vertrekpunt geneem dat daar by die vergadering geen vrymoedigheid is om tot inkorporasie onder die gestelde voorwaardes te besluit nie en dat die betrokke subkommisie die saak dus verder moes ondersoek en ander planne beraam "in de geest van de Sinode n.l. de scheiding van de Theologiese en Litterariese Departementen en behoud van onse medezeggenschap inzake onze beginselen". [53] Ook moes die kuratore toesien "dat de School op zulk 'n voet voortgezet worde, dat de deur voor eventuele hervatting van inkorporatie-plannen niet gesloten worde", terwyl hulle ook geldelik voorsiening moet maak vir finansies om die besluit ten uitvoer te bring. [54]

Die kommissie-voorstel is met een teenstem aanvaar, waarna besluit is dat verslag van die subkommissie se verdere opdrag tydens die volgende vergadering van die sinodale komissie in 1918 gedoen sal word. [55] Vroeg in Januarie 1918 het prof Postma persoonlik vir minister Malan verwittig dat daar nie meer met die indiening van die wetsontwerp voortgegaan word nie.

Hieroor kan daar geen twyfel wees nie: met die planne vir inkorporasie en die daaruitspruitende opstel van die privaat wet het die drakoniese gewetensklousule vierkantig in die weg kom staan. Volgens hierdie bepaling in die nuwe Universiteitswet sou geen navraag gedoen mog word oor die godsdienstige oortuigings van dosente nie – 'n bepaling wat direk teen die grein van die Potchefstroomse inrigting ingegaan het en vir die meeste van die besluitnemers wat in Oktober 1917 dáár in Potchefstroom nie aanvaarbaar was nie. Maar dit was tog asof daar 'n krakie in die muur van verset te bespeur was … of wat anders hou die term "behoud van onse **medeseggenskap"** (skrywer se beklemtoning) in?

Die subkommissie van die sinodale kommissie het intussen nie gras onder hul voete laat groei nie, hul opdragte met groot deeglikheid uitgevoer en toe gevra vir 'n vervroegde sinodesitting, omdat die kommissie 'n punt bereik het waar hulle nie sonder sinodesanksie kon voortgaan nie en ook "omdat die belange van ons Skool dit eis". [56]

Oor drie dae heen, 26 tot 28 Augustus 1918, figureer "die saak van die Teologiese Skool re inkorporasie of selfstandig voortbestaan van het Kollege Departement" oftewel bloot net "die skoolsaak" op die agenda. [57] Opmerklik, terloops, is die gebruik van die benaming "Kollege Departement". Die uitvoerige verslag van die subkommissie (ds Willem Postma en proff JD du Toit en Ferdinand Postma) se onderhandelinge en bevindinge is aangrypende leesstof. [58]

In die sinodesaal en wandelgange word daar kopstukke gesels, geredeneer en planne beraam.

**Quo Vadis, Teologiese Skool – nee, eerder: Quo Vadis, Kollege Departement?**

Die kommissierapport bevat eerstens 'n aantal sake rakende die implikasies van die nuwe wetgewing op hoër onderwys. As uitvloeisel van onderhandelinge wat deur proff Postma en Duvenage met die Statutekommissie en met die uitvoerende komitee van die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika gevoer het, is afgesien van die voorneme om die woord "eksterne student" op sertifikate van die Potchefstroomse studente te laat aanbring, sou alle eksamens voortaan op Potchefstroom afgeneem kon word met uitsondering van praktiese eksamens in natuurkundige vakke, wat by die Transvaalse Universiteitskollege sou geskied. [59]


Die verslag bevat egter ook negatiewe informasie. Potchefstroomse professore kon byvoorbeeld nie as eksaminatore optree nie, interne studente sou ten

opsigte van jaarsyfers met 25 persent bevoordeel word bo eksterne studente terwyl leerkursusse van 'n gevestigde kollege, in hierdie geval TUK (Pretoria) gevolg sou moes word.

Deur prof Postma se bemiddeling by die minister van Onderwys en ook op aanbeveling van die registrateur van die nuwe instelling, William Thompson, is prof JD du Toit deur die regering as raadslid van die nuwe Universiteit van Suid-Afrika benoem. Van 'n ministeriële onderneming teenoor Postma dat 'n kurator van die Teologiese Skool ook in die hoedanigheid aangewys word, het niks gekom nie; ook nie van 'n poging van prof Du Toit om Ferdinand Postma, "als meer in kontak met literaries departement", in sy plek benoem te kry nie. [60]

Ten tweede het die kommissieverslag gelewer van onderhandelinge wat in Desember 1917 deur prof Postma en ds Willem Postma as kommisielede gevoer is oor moontlike amalgamasie met die Grey Universiteitskollege (GUK) te Bloemfontein.

Soos reeds bo gesien, was hierdie opsie van aansluiting by die GUK reeds al geruime tyd in die pyplyn. Tydens die eerste vergadering van die sinodale kommissie, einde November 1916, het die Nederlander ADR Bisschop, as bemiddelaar vir befondsing deur 'n groep Nederlandse "vriende", reeds vertroulik hieroor huis toe geskrywe. Ook moet onthou word dat 'n ope opdrag in Oktober 1917 aan die betrokke kommissie gegee is om verdere ondersoek na die hele inlywingskwessie in te stel en om desnoods met ander planne vorendag te kom vir die skeiding van die Teologiese Skool en die Literariese Departement, maar met behoud van medeseggenskap insake beginsels.



*1.7.4*

***Prof JD du Toit... deur die regering as lid van die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika benoem.***

Op 29 November 1917 het daar 'n brief van verteenwoordigers van die Gereformeerde Kerk voor die Raad van die GUK gedien, waarin samesprekings insake die moontlike affiliasie of amalgamasie van die Potchefstroomse kollege met die GUK aangevra word. Raadsvoorsitter dr. JD Kestell en drie ander raadslede is aangesê om die saak met die Potchefstroomse verteenwoordigers, ds Willem de Klerk en prof Ferdinand Postma, te beredeneer.

Middel Februarie 1918 behandel die GUK-Raad 'n verdere brief vanaf Potchefstroom, met 'n nadere uiteensetting van wat presies beoog word. 'n Week later aanvaar hierdie liggaam tydens 'n spesiale vergadering 'n aanbeveling van sy subkommissie, dat die voorgelegde skema "een basis van zodanige amalgamasie uitmaken kan" en word die kommissie gemagtig om verder oor die saak te onderhandel. [61]

'n Konsepsamewerkingsooreenkoms, reeds deur die Raad van die GUK goedgekeur en per brief bevestig, is gevolglik aan die sinode voorgelê, waarvolgens verplasing na Bloemfontein die voorland sou wees van die Kollege Departement (Literariese Afdeling). Die bepalings van die ooreenkoms was soos volg:

a) selfstandige voortbestaan van die Teologiese Skool as sodanig met propaedeutiese (voorbereidende) afdeling in Bloemfontein;


b) professore in diens van die kuratore en werksaam aan die Teologiese Skool sal lede wees van die senaat van die GUK;


c) professore verbonde aan die Kollege Departement sal deur die Raad van die GUK benoem word as professore van die GUK, met inagneming van diensjare;


d) die studente sal oor en weer klasse van GUK en die Teologiese Skool kan bywoon;

e) die kuratore sal jaarliks £2 000 aan die GUK oorbetaal, en

f) die kuratore sal 'n kwart van die lede van die Raad van GUK kan benoem.





***1.7.5***

***Willem Postma, president Steyn en dr Kestell, drie sleutelfigure in die strewe om GUK te verafrikaans. Hieruit voortvloeiende was die moontlike inskakeling van die Teologiese Skool by Grey Universiteitskollege (foto onder) wat reeds met indrukwekkende geboue kon spog.***



Dit is duidelik uitgespel dat die onderhandelinge voorlopig was, in afwagting van die sinode se besluit. [62]

Daar kan min twyfel bestaan dat ds Willem Postma, op hierdie tydstip predikant van die Gereformeerde Kerk te Reddersburg, die groot dryfveer was agter die idee en die onderhandelinge oor amalgamasie met GUK, as metode om die ronddobberende Kollege Departement te red. By die behandeling van die saak deur die sinode het hy dan ook die nodige toeligting gegee. Volgens die verslag wat in die kerklike mondstuk verskyn het, het hy dit as 'n laaste uitweg beskou, as daar dan geen ander opsies meer is nie. Syns insiens sal sodanige amalgamasie wel moontlik wees omdat aan die GUK ook werksaam is "manne besield met Kristelike beginsels". [63]

Wat natuurlik destyds nie bekend was nie en waarskynlik nog nooit sedertdien bekend gemaak is nie, is dat die gevierde Vrystaatse oudpresident, MT Steyn, kort voor sy dood vroeg in Desember 1916 vir ds Willem Postma versoek het om met die hulp van genl Hertzog en ander Vrystaatse leiers te ywer "vir 'n Afrik[aanse] Univ[ersiteit] vir die Vrystaat, waarbij onse P.C. Stroom Kollege sal kan aansluit. Dit moet suiwer Afrik[aans] wees dwarsdeur". Hierdie "onthulling" kom voor in 'n brief van Postma aan sy groot vriend, dr JD Kestell, in 1920. [64]

Willem Postma, wat vanaf 1897 as predikant in die Vrystaat werksaam was, was in hart en siel 'n Vrystater en as sodanig persona grata in Vrystaatse akademiese kringe. In Februarie 1917 was hy een van agt benoemdes vir vier vakatures in die GUK Raad [65] en in 1919/1920 was hy 'n vername rolspeler in die benoeming van dr Kestell as eerste rektor van die op daardie stadium kwynende Vrystaatse universitêre inrigting. [66]

Die derde en waarskynlik die mees kritieke deel van die verslag wentel rondom die erkenning van "ons Kollege" as 'n samestellende kollege van die te-stigte federale universiteit, by wyse van 'n privaat wetsontwerp. Daarmee sou dieselfde status verkry word as byvoorbeeld dié van GUK en die Transvaalse Universiteitskollege (TUK).

Proff Postma en Du Toit het verskeie kere saam in Kaapstad en Du Toit op sy eie by etlike geleenthede in Pretoria met die minister onderhandel. Beide het ook

in Kaapstad samesprekings gevoer met advokaat HS van Zijl, en 'n konsepwetsontwerp is met behulp van prokureur Postma voorberei.

Die belangrikste punte in hierdie ontwerp was 'n absolute skeiding tussen die Teologiese Skool en die Kollege, wat voortaan bekend sou staan as "Potchefstroom Universiteits Kollege". Laasgenoemde sou 'n eie Raad hê, maar sou slegs beheer hê oor fondse en eiendomme wat deur die kuratore as trustees van die Gereformeerde Kerk aan hulle oorgemaak word. Dienende personeel sal as professore van die PUK benoem word.

Maar dan, die crux van die saak: die omstrede gewetensklousule. Dit is wel uit die wetsontwerp weggelaat, maar sou outomaties in werking tree as die PUK-Raad om regeringsubsidie aansoek doen. As die raad egter self die koste dra, kon 'n professoraat of lektoraat sonder die minster se goedkeuring ingestel word. [67]

Bo en behalwe die bogenoemde inligting, het ook nog op die sinodetafel beland 'n stuk onder die opskrif "Oprigting van 'n Vrije Universiteit vir Suid-Afrika", saamgestel deur prof SO Los en ds T Hamersma en deur die kuratore as deel van die subkommissie se verslag na die sinode deurgegee. [68] In hierdie voorlegging, en in die toeligting wat Ferdinand Postma hieroor aan die sinode gegee het, word gewys op faktore wat op daardie stadium die stigting van so 'n universiteit nie raadsaam maak nie. Afgesien van die belangrike kostefaktor, word ook uitgewys dat dit nie die roeping van 'n kerk is om 'n universiteit te onderhou nie en dat "ons volk daar nie rijp voor is nie". [69]

Ferdinand Postma, eens en tot kort tevore nog 'n vurige voorstaander van 'n vrye Christelike universiteit, het skielik 'n ander taal begin praat. Was dit die werklikheid van die harde kontant wat op die spel was? Of die gesukkel om studente te kry – 'n simptoom dat "ons volk" nog nie ryp was daarvoor nie?

Dat dit alles beslis 'n mondvol en moeilik verteerbaar was, blyk uit die feit dat die saak eers 'n tydjie gelaat is om ryp te word, "opdat die Sinode tot 'n goeie besluit mag kom". [70]

By die aanvang van die besprekinge het ds T Hamersma as voorsitter van die "Affiliasiekomitee" (soos die breë sinodale kommissie bekend gestaan het) daarop gewys dat selfstandige voortbestaan £4 400 per jaar gaan kos, teenoor die heersende koste van ongeveer £2 237. Indien egter by 'n stadsuniversiteit ingeskakel word, word driekwart van die koste deur die staat gedra, as subsidie. [71] Hierdie enkele syfers het ongetwyfeld die manne aan die dink gesit.

Na druk bespreking en ernstige besinning oor die saak, is daar nie minder nie as ses voorstelle ter tafel gelê. [72] Die basiese toonaard van almal was die nie-prysgawe van beginsels en die gevolglike afwysing van die voorgestelde inlywing van die Literariese of Kollege Departement by die Universiteit van Suid-Afrika. 'n Kommissie het hieruit 'n gekombineerde voorstel ter tafel gelê, wat duidelik uitgespel het dat die sinode geen vrymoedigheid het om die Literariese Departement by die Universiteit van Suid-Afrika te laat inlyf nie solank die gewetensklousule van krag is.


Verder het die sinode 'n kommissie gemagtig om te ywer en steun te soek van die ander Christelike kerke vir die verwydering van die gewetensklousule uit die wetboek. Ook is provinsiale kommissies aangewys om kerkrade en vermoënde lidmate te bearbei vir daadkragtige ondersteuning van die Jubileumfonds en skenkings aan die Teologiese Skool. Voorts sou daar gepoog word om die Vereniging vir Hoër Onderwys op Gereformeerde grondslag uit te bou om op so 'n wyse 'n selfstandige posisie vir die Literariese Departement van die Teologiese Skool te verseker, in oorleg met en onder goedkeuring van 'n volgende sinode. [73]

Dit is opvallend dat hierdie baie besliste beginsel-standpunt, soos vervat in die voorstel, *met meerderheid van stemme* aanvaar is. [74] Daar was dus tog stemme daarteen.

Tog is die rug nie heeltemal gekeer op die regering nie, die bote nie verbrand nie. Die oudprofessore en predikantebroers Petrus en Marthinus Postma het toegesien dat 'n skrywe van hartlike dank gerig word aan die minister van Onderwys, FS Malan, "vir sij vrindelike bejegening van die sub-Kommissie van onse Sinodale Kommissie in hulle ontmoeting met S.Ed. bij verskillende geleenthede". [75]

Kompleet asof hy bewus was dat die deur dalk nog op 'n skrefie oop was, het ds Willem Postma later in die sinode, onder 'n agendapunt oor subsidiëring van die Kollege Departement, 'n voorstel gemaak wat aanvaar is, om "bij wijse van petisie aan die Hoog Edl. Regering 'n gemotiveerde versoek te rig, om subsidie vir die Literariese Skool, met behoud van onse beginsels". [76]

Postma is saam met ds WJ de Klerk en ouderling Venter van Dordrecht as deputate benoem om 'n voorlegging aan die regering op te stel en samewerking van die ander kerke te probeer verkry. Hulle moes ook tydens die komende parlementsitting na Kaapstad afreis om by volksraadslede aan te dring op subsidieverlening "uit krag van reg op aanspraak" en "om ter bevordering van onse saak die medewerking te vra van die Volksraadslede van onse Kerk". [77]





***1.7.6***

***JC van Rooy en HG Schulze (studente) het hulle, namens die studente, "ten gunste van inkorporasie ... en teen verwatering van onse beginsels" uitgespreek.***

Die ylerige studentekorps, wat die stryd om voortbestaan gedweë op 'n afstand moes aanskou en nie direkte deelgenote was nie, het darem hul solidariteit met die eerwaarde besluitnemers betoon. Reeds tydens die sinode te Reddersburg het Korps Veritas Vincet, wat in dié tyd as verteenwoordigende liggaam van die studente opgetree het, 'n telegram gestuur waarin die behoefte aan uitbreiding en die studente se bereidwilligheid om opofferinge te maak, betuig is. [78]

Met daardie telegram, sê die studente later in 'n bedankingswoord aan die sinodegangers, "het ons ons sowel ten gunste van inkorporasie, as teen verwatering van ons beginsel verklaar". Dit dien ook as blyk van belangstelling "in die lot van onse skool". Hulle erken ruiterlik: "Die besluit was vir ons in die begin enigsins 'n teleursteling – want dit kan nie ontken word dat studie aan die Theol. Skool met sij beperkte middele in sekere opsigte 'n selfopoffering is nie." [79]

Mettertyd het daar egter berusting gekom, gepaard met dankbaarheid jeens die mildheid waarmee kerkrade die Teologiese Skool gedra het en steeds dra. En uiteindelik is selfs geesdrif gebore uit die "oorspronkelik enigsins teleurstellende Sinode-besluit", word gevoel "dat hierdie manmoedige besluit om selfstandig te blij teenoor die gevaar van Staats-oorheersing niks minder is nie as die begin van die strijd vir vrije Hoger Onderwijs, wat vir ons volk van ontsaglike waarde sal wees". Hopelik sal daaruit 'n nasionale aksie voortvloei, in woord en geskrif, om uiteindelik uit te loop op die wysiging van die onderwyswet, sodat ook die Teologiese Skool, as 'n universiteitskollege, sonder beswarende bepalings uit die staatskas gefinansier sal word.

Vir die onmiddellike toekoms word die hoop gevestig op die Jubileumfonds, die stigting van 'n sterk vereniging vir hoër onderwys "om mettertijd die beheer oor die Kollege-afdeling oor te neem" en die bereidwilligheid van ouers om hulle kinders na Potchefstroom te stuur.

## 1.7.4 Akademies, personeel

Terwyl op beraadslagingsvlakke hard gestoei sou word om een of ander bevredigende toekomsbedeling vir die Literariese oftewel Kollege Departement te beding, is dinge op die tuisfront stadig maar seker in rat gekry om die verwagte hoër status waardig te wees. In die heel eerste jaarboek van Korps Veritas Vincet, wat in 1918 die lig gesien het, is met genoegdoening aangekondig dat die posisie van die Kollege Departement met betrekking tot die Universiteit van Suid-Afrika "nou helemaal veilig" is, dat slegs enkele ondergeskikte sake nog uitgeklaar moes word. Die ou regulasies sou nog tot 1920 van krag bly en die sillabus bly vir eers onderanderd, maar 'n nuwe eksamenstelsel tree in 1919 in werking.

Opleiding word verskaf vir die BA-, BSc-, MA- en MSc-eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika. Gedoseerde vakke wat aangebied word is Ou en Nuwe tale, Wis- en Natuurkunde, Wysbegeerte en Geskiedenis, terwyl Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, Natuurkunde, Dierkunde, Skeikunde en Plantkunde onder die eksakte wetenskappe tel. Die medium van onderrig is Afrikaans en Hollands en in enkele vakke voorlopig nog Engels. [80]

Skoolgelde het £3 per jaar beloop, terwyl losiesgeld in die gemeenskaplike losieshuis van die Teologiese Skool en Gimnasium £10 per jaar was. Kosgangers moes egter hul eie meubels voorsien. Ook is gestipuleer dat die kosgangers "onder kristelik opsig en bestier" staan. [81]

Die verslag van die kuratore aan die 1918-sinode, [82] wat ter tafel geneem is pas nadat die kwessie van inkorporasie of selfstandige voortbestaan beredeneer is maar voordat die finale besluit geneem is, [83] het by sinodegangers 'n duidelike prentjie geskets van die posisie waarin die Teologiese Skool en die Literariese of Kollege Departement hom in hierdie tyd van ernstige besinning oor sy toekoms bevind het.

Wat personeel betref, was daar nou ses professore, waarvan twee in teologie maar hulpverlenend in die literariese afdeling: J Kamp (Nederlandse taal en Geskiedenis), JD du Toit (Teologie en ander vakke), F Postma (Filosofie en Klassieke tale), SO Los (Teologie en ander vakke), APC Duvenage (Wis- en Natuurkunde), SPE Boshoff (Engels en Filologie).

Daar was ook nog drie lektore, naamlik Pastor A Kohl (Duits), LJ du Plessis (Klassieke tale) en HH Schulz (Skei-, Dier- en Plantkunde). [84] Algemene kolleges of klasse is aangebied deur proff Du Toit (Kristelike Staatkunde), SO Los (Geskiedenis van die Pedagogiek) en SPE Boshoff (Afrikaans). Professore het ook as privaat dosente onderwysers gehelp wat hulle vir



*1.7.7*

***Personeel en studente, 1918. Voor: Paster Kohl, proff Boshoff, Duvenage, Kamp, Postma, Los en du Toit (HG Schulze afwesig). 2'e ry: H Venter, W Snijman, C Venter, N Steyn, M Lugtenburg, L du Plessis, M Coetzee, H Stoker. 3'e ry: J Wiechers, T Schlebusch, eerw. Smit, F du Toit, A Venter, J Fourie, P Postma, A Duvenage. 4'e ry: P de Klerk, G vd Walt, H Venter, I van Rooy, JC van Rooy, H Shulz, LJ du Plessis, J Postma, B Hamersma. 5'e ry: W Kruger, O Los, J Anderson, J Los, P van Biljon, A vd Walt, P Kruger, T Spoelstra.***

departementele eksamens voorberei het. [85]

Personeelbehoeftes en -voorsiening was inderdaad teen hierdie tyd 'n groot kopseer, vir sover dit die kerk as hoofbron van finansiering betref. Die sinode van 1918 is ook daarop attent gemaak dat Boshoff se benoeming moontlik gemaak is deur "vrinde in Nederland", wat vir die jare 1917 en 1918 die bedrag van £400 gewaarborg het. Maar daar word gewaarsku: weens oorlogsomstandighede sal daarna self vir hierdie pos voorsiening gemaak moet word. [86]

As penningmeester van die kuratorium van die Teologiese Skool het ds Petrus Postma die soms onbenydenswaardige taak gehad om die inrigting se boeke te laat klop. En moes hy by tye sy stem kwaai dik maak. Toe daar vroeg in 1918 probleme ondervind is om voortgesette finansiële steun vanuit Nederland te bekom, het Postma die Senaat baie duidelik laat verstaan dat die finansiering van die twee lektore wie se poste in die gedrang was, slegs by wyse van 'n voorskot was. As die Nederlandse geld nie oor 'n maand realiseer nie, sal die Senaat maar moet opdok.

Wat meer is, vervolg hy: "Ik verneem men considereert nog een Lector voor **een** leerling in Geschiedenis – ik zeg als penningmeester weer uitdruklik, hoe jammer ook die leerling moet het maar elders zoeken, wij hebben het geld niet – dus men zal bij een eventuele aanstelling van sulk een Lector mij te vergeefs om geld vragen." [87]

Tydens die bespreking van die kuratoreverslag het die voorsitter van die Kuratorium bekend gemaak dat dit £1 200 per jaar meer sal kos om die Kollege Departement in stand te hou. 'n Voorstel ter verdere ondersteuning is wel aanvaar, maar twee teenvoorstelle het nie daarvoor kans gesien nie: dit lê nie op die kerk se weg om na "die litteraire deel van die Skool" of vir "onderwijs in die tydelike wetenskappe" om te sien nie, is betoog. [88] In sy omsendbrief aan gemeentes het penningmeester Petrus Postma daarop gewys dat die £2 000 benodig word vir ekstra personeel, ter wille van die handhawing van hulle beginsel. [89]

Die rektoraat het, kragtens die besluit wat in 1916 geneem is, gewissel tussen prof Du Toit (1916), prof Postma (1917) en prof Kamp (1918). Dr SO Los sou die rektorstoel in 1919 inneem terwyl dit in 1920 vir prof APC Duvenage gereserveer is. [90]

Wat diensvoorwaardes betref, is vanaf 1917-18 op rotasiebasis aan die professore vier maande verlof toegestaan, nà vier diensjare. [91] Dat 'n man soos Ferdinand Postma alles feil gehad het vir die saak spreek uit die feit dat hy in November 1917, weens "die kritieke omstandighede" waarin die inrigting verkeer, sy langverlof van vier maande opsy geskuif het. En dat hy nie vir swaar werk teruggedeins het nie, blyk uit die feit dat hy teen die einde van 1918 boonop die huisvaderskap van die studente op hom geneem het. [92]

Te midde van die uiters sensitiewe onderhandelinge oor die toekomsbestemming van die Literariese of Kollege Departement, en met die gewetensklousulekwessie soos 'n albatros meedoënloos steeds in die midde van al die beraadslagings en beplanningsessies, blyk dit dat hier en daar tog nog redelik sterk binne kerkverband gedink en gedoen is – ten spyte van pogings om 'n openbare beeld tot die teendeel te vestig.

Reeds in November 1916 is daar op senaats- en kuratorevlak gewroeg oor die posisie van lektor SPE Boshoff, briljante akademikus maar … nie lidmaat van "onse" kerk nie. Moes hy professor word, en sou hy dan sitting in die Senaat neem? Die kuratore se reaksie hierop, dat hulle geen beswaar het teen sy professorskap nie maar dat oor sy moontlike rektorskap later besluit sou word,[93] dui beslis op kerklike motiewe.

Bevestiging vir bostaande vermoede word verkry uit die pertinente ophaal van Boshoff se kerklidmaatskap tydens die sinode in 1918. In die kuratoreverslag aan die sinode is bloot net genoem dat Boshoff se aanstelling as professor in Engels en Filologie moontlik gemaak is deur 'n skenking van £400 vir 1917 en 1918, deur Nederlandse "vrinde". Hierdie spesifieke punt is tydens bespreking van die verslag op versoek van die voorsitter van die kuratore, ds Willem Postma, tot later uitgestel. [94]

Toe dit wel later aan die beurt kom, het die kuratore die sinode meegedeel dat prof SPE Boshoff nie 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk is nie, soos deur die reglement bepaal. Aangesien hy die enigste beskikbare persoon vir sy vak (Filologie) was en bevredigende werk lewer, "so adviseer Kuratore dat in sij geval dispensasie verleen word, en hij in daardie pos gekontinueer word". Die voorstel ter aanvaarding van die situasie maak melding van die "tijdelike aanstelling" van prof Boshoff. [95] Dit mag, of dit mag ook nie, 'n verskuilde betekenis gehad het.

Begryplike maar tog onmiskenbare kerklike sentimente spreek ook uit die volgende geval. Die omstrede maar nou "gerehabiliteerde" professor in Wis- en Natuurkunde, APC Duvenage, het in 1918 verlof van die kuratore ontvang om sy studies aan die Universiteit van Kaapstad voort te sit. Die sinode word hieromtrent ingelig, met die gerusstelling: "Die Professor sal self voorsiening maak om sij vakature op te vul deur twee bekwame Lektore lidmate van onse Kerk." [96]

Dieselfde geld ook vir die sinode-opdrag, in Augustus 1918, aan die deputate wat die saak van subsidie by die regering en ook by parlementêre verteenwoordigers moes gaan bevorder, om spesifiek die medewerking te soek van "die Volksraadslede van onse Kerk". [97]

Hoewel die noue verbintenis tussen die Gereformeerde Kerk en die Teologiese Skool nie te ontkenne was nie, was dit juis op hierdie tydstip 'n uiters netelige kwessie wat, gegewe die kritiek van buite en verskeie pogings om 'n nie-kerkistiese front na buite te toon, liefs onderspeel kon gewees het.

Kort hierna volg die bedanking van lektor HH (Helmuth) Schulz, kennelik as demonstrasie teen die kerklike atmosfeer van sy werkkring. Pas ongeveer ses maande in sy pos as lektor in Chemie, Plantkunde en Dierkunde, [98] voer hy in 'n baie welwillende, opregte briefie gedateer 17 Januarie 1919 as hoofrede vir sy stap aan "dat ek nie aan Uw kerk behoor nie, en dus nie 'n posisie aan 'n kerklike inrigting so kan inneem soos dit behoor te wees omdat mij ideale nie Uw ideale kan wees nie".

Dit wil voorkom asof die probleem gelê het by Schulz se aanbieding van sy vakke. Hy skryf verder: "So het ek dan ook al gehoor dat 'n paar van mij gedagtes en stellinge 'n bietjie ontevredenheid verwek het. Omdat ek nie van plan is om iets aan mij studente te seh waarvan ek self nie oortuig is nie, sal dit ook in die toekoms nie anders wees nie." Schulz verwys ook na



***1.7.8***

***Helmuth Schulz ... bedank "omdat my ideale nie Uw ideale kan wees nie".***

ander redes wat tot sy bedanking bygedra het, maar dis nie van so veel gewig nie. Hy bied sy dienste in 'n oorgangsfase aan, indien dit benodig word, of as hy moet help om sy opvolger "te wijs wat daar is, wat daar nog moet kom". Hy sluit sy brief af met spyt "dat ek U misskien teleur stel". [99] Van senaatskant is ook spyt genotuleer en AWB van Zyl is in sy plek benoem. [100]

Of dit oorlogsomstandighede was of ander faktore, kan nie presies gesê word nie, maar in 1916 tel die studentetal slegs 16. In 1917 groei die getal darem aan na 25 en in 1918 styg dit verder tot 36. Hartlike dank is tydens die 1918 sinode uitgespreek jeens die ywerige werk van dosente, "soals blijk uit de pragtige uitslae van die eksamens" [101]:

- 1916: **Teologie** - twee 4de jaar, een 1ste jaar; **Intermediar** BA - drie skryf, twee slaag; **BA** - 2 skryf, een slaag met lof

- 1917: **Teologie** - vier 4de jaar, een semi-kandidaats; **Literaries** 1e jaar - twee; **Intermediar** - elf skryf, nege slaag; **BA (Duits)** - twee skryf, albei slaag **BA** - drie skryf, drie slaag (twee met lof)

Vir die jaar 1918 lyk die inskrywings só: [102] **Teologie** 2; **MA** (Klassieke Tale) 1; **MA** (Hollands) 1; **BA** Senior 4; **BA** Junior 11; **Litt. Klasse** 1ste jaar 2; **Litt. Klasse** 2de jaar 2; **Intermediar BA** 13.

Op die teenblad word 'n beeld van die studente-aktiwiteite vir die jaar 1918 aangebied, by wyse van twee bladsye uit die heel eerste jaarboek van Korps, *Veritas Vincet*, gedateer Junie 1918. Volgens die studenteblad het die studentetal teen publikasiedatum 33 beloop. Die baie bekende name in die latere geskiedenis van die PUK is opvallend.

## 1.7.5 Postma en die VU-roepstem

Te midde van al die beraadslaginge oor die onsekere toekoms van die inrigting het 'n verdere donker wolk vir 'n wyle oor die Potchefstroomse akademiese gemeenskap kom hang. Prof Ferdinand Postma se mentor aan die Vrye Universiteit, prof Jan Woltjer, is in Julie 1917 oorlede. Vroeg in die Desember-vakansie 1918 was Postma juis in sy studeerkamer besig met voorbereiding van 'n publikasie van Woltjer se geskrifte toe hy 'n brief ontvang van dié se seun, self ook professor en dekaan van die Lettere fakulteit aan die VU. Met volle instemming van sy fakulteit, pols Woltjer (jnr) vir Postma oor sy moontlike beskikbaarheid vir die pos. [103]

Die naam van prof Ferdinand Postma as moontlike opvolger van sy vader, is reeds tydens 'n vergadering van die VU se fakulteit Lettere, op 19 Januarie 1918, deur prof RH Woltjer genoem. 'n Ander kandidaat was dr JJ Esser, leraar aan die Gereformeeerde Gimnasium te Kampen. Hierdie gedagte is heel gunstig ontvang, vir verdere oorweging. [104]

Sake het maar stadig ontwikkel. Einde September 1918 word in die VU-senaat navraag gedoen oor die vordering met die opvul van die vakature, maar eers diep in November rapporteer Woltjer dat die vertraging toe te skryf is aan sy ongesteldheid en aan 'n kompleksiteit rondom so 'n navraag, iets wat "slechts met de grootste behoedzaamheid en onder alle reserwe kan plaats hebben". Hy verkry egter die fakulteit se goedkeuring vir 'n versigtig bewoorde paragraaf in 'n brief aan Postma wat oor ander sake handel. [105]

Nou was die bal aan die rol. Op 28 November skryf Woltjer dus aan Postma, enersyds oor planne vir 'n publikasie van sy pa se geskrifte maar eintlik gaan



***1.7.9***

***RH Woltjer. Hy pols Postma oor aanstelling in sy pa se pos.***


dit oor die vakature. Reeds terwyl sy pa nog geleef het, is daar tevergeefs na 'n opvolger vir hom gesoek. En dis nie so maklik soos by ander universiteite om vakatures te vul nie omdat nie slegs op wetenskaplike bekwaamhede nie, "maar ook op het principieele standpunt" gelet moet word. Terwyl hy besig was om oor moontlike kandidate te besin, het Postma se naam hom skielik te binne geskiet. "Dat dit niet eerder gebeur, ligt zeker aan de beperking van onzen horizent door den oorlog", deel hy Postma mee. Hy weet egter lankal en ook nou weer uit hul briefwisseling "hoe je tegenover Afrika staat" en kom dus wel persoonlik maar met volle instemming van sy fakulteit met die vertroulike vraag hoe hy voel "over eene voordracht voor eene benoeming voor een deel van vaders vakken, 't zy voor het Latyn, 't zy voor eene en andere combinatie van vakken, waardoor in de vacaturen zou kunnen worden voorzien". [106]

Die nood is hoog en op 3 Desember word per briefkaart en twee weke later weer per brief vir spoedige reaksie gevra. Net 'n "yes" of 'n "no" per telegram sal voldoende wees. 'n Verdere stootjie is gegee deur 'n versoek van die senaat dat van fakulteitsweë omstreeks 20 Desember 'n telegram aan Postma gestuur sal word. [107]

Vir Postma was die aanbod 'n "volkomen verrassing" en 'n "groote onderscheiding" maar het hy homself "voor die groote eer te onwaardig en te onbekwaam gevoel ... Ik had liever gezien dat mij nooit zulk 'n vraag gesteld ware, want ik heb geen aangename paar weke gehad. Sedert ik je brief ontvangen heb, liet de zaak mij geen oogenblik los."

Die implikasies van hierdie aanbod, en die beraadslaginge en oorwegings wat daarmee gepaard gegaan het, het die hart en siel van die ontwikkelende universiteit geraak. Dit het nie net vir Postma self nie, maar ook diegene naaste aan hom slapelose nagte besorg.

Vir rektor SO Los, wat dadelik deur Postma geken is in die saak, was dit moeilik om advies te gee want "u is voor mij de ziel van onse school en als u gaat blijven we achter met een zielloos lichaam. God kan andere krachten zenden, en de schade herstellen, maar voor mij oog is niet in te zien vanwaar die kracht komen moet." Maar Los sien ook die ander kant van die saak in: "Wat Amsterdam aangaat, God biedt u daar een arbeidsveld, dat de hele gereformeerde wereld bestrijkt, een bevordering van kaptein tot generaal ... U is m.i. de enige man die de oude Jan kunt opvolgen. Hij heeft mij persoonlik gezegt, dat hy u als een van zijn beste discipelen beschouwt. Lettende op deze feiten ben ik bereid het offer te brengen en u te raden om te gaan." [108]


Waarde Neef
Zeer hartelik geluk gewenst met de aanbieding Professoraat V.U. aan u – het verheugt mij – ik gevoel voor ons – ons kerk en school daardoor zeer vereerd; maar mijne opinie is kort en beslist – en is jij is die spil waarom alles draai bij ons kollege en litter. departement – als jij gaat is dit klaar met Kees. Natuurlik als jij roeping gevoel kan ons er niks aan doen.
Maar een ding is voor mij seker – en geen dreigement – als jij gaat zeg ik ook vaarwel – ik is nie van plan die fiasco af te wacht – dit zal voor mij te treurig wees. Lees in tijds traps.
Hartelike groete
Heidelberg Box 4 10/1/19
Uw liefh. Oom
P Postma

*1.7.10*

***Ds Petrus Postma was baie uitgesproke oor die VU-aanbod aan sy broerskind.***

Vanaf Heidelberg Transvaal reageer oom Petrus Postma, voorsitter van die kuratore en penningmeester van die Teologiese Skool, met 'n hartlike gelukwense. Dit verheug hom en dit is 'n groot eer vir kerk en skool, "maar mijn opinie is kort en beslist – en is jij die spil waarom **alles** draai bij ons kollege en litter. departement – als jij gaat is dit klaar met Kees ... als jij gaat zeg ik ook vaarwel – ik is nie van plan die fiasco af te wacht – dit zal voor mij te treurig wees." [109]

Ook vir sy eerbiedwaardige vader, ds Marthinus Postma, was dit 'n groot eer wat die familie sowel as die kerk te beurt geval het, maar na ernstige en biddende oorweging "is ik tot die vaste overtuiging gekom dat u die vriendelike aanbod nie **kan** ook nie **mag** aanneem nie" en dit so spoedig moontlik van die hand moes wys, veral waar daar kennelik ook ander kandidate was en hy dalk nie eens die pos sou kry nie.

Sy pa skryf verder: "U is hier gebore en opgegroei, en uw eerste roeping is in uw vaderland, vooral omdat alhier nog zoo min manne van uw bekwaamheid is om die groote werk aan onze Theol. School te doen... U het door Gods genade die Liter. Departement van onze Theol. School tot groote bloei gebreng en U is voor ons **onmisbaar** alhier."

Familietrots skemer deur: As kleinseun van die stigter van die inrigting, moet hy en sy broer Dirk die werk voortsit: "Die tijd van Oom Petrus en mij is bijna voorbij." Ook ter wille van die kerk, wat hoewel klein en arm, altyd probeer voorsien het. "U is hier ook nuttig voor onze Afrikaanse Bybelvertaling en

Nationale beginsele ...", sê sy pa en adviseer hom om Woltjer jnr. so gou moontlik negatief te antwoord "en bij ons te blijve". [110]

Met al die goed-bedoelde advies in sy agterkop was dit nogtans Postma self wat aan die einde van die dag die besluit moes neem. Hy het vir homself en ook ter inligting van prof Woltjer jnr. 'n "balansstaat" opgestel, die voor- en nadele van die aanbod teen mekaar opgeweeg. [111]

Positiewe motiveringe sluit in

* die prinsipiële stryd in Nederland, ook op die gebied van die wetenskap, waartoe hy baie sterk aangetrokke voel;
* die invloed wat hy as Afrikaner kon hê op die baie jong Afrikaners wat daar studeer, om so die invloed van die VU te vergroot "en reeds daardoor de principieele strijd alhier bevorderd worden";
* dat dit sal lei tot die versterking van die bande tussen die VU en Suid-Afrika, waarby beide sal baat "vooral wanneer alzoo de weg voorbereid wordt van de stichting van 'n dergelijke instituut alhier";
* die geleentheid wat dit hom sou bied vir verdere studie "zooals 't hoort en waarnaar ik verlang, maar waarvoor hier niet de kans is";

"de omgang met de Professoren van die VU, met die mannen, die de leiding aangeven in de gereformeerde wereld, zoowel in Nederland als in Amerika en Afrika in verband met de grooten beginselstrijd, die gestreden moet worden. Deze omgang zal voor mij van zeer groote betekenis zijn."

Al die pluspunte vir aanvaarding sou, volgens Postma se verdere kliniese ontleding van die saak, ontsenu kon word indien dit sou blyk dat hy en sy gesin om gesondheidsredes nie in Nederland sal kan vestig nie. Die teendeel het egter geblyk, en veral sy vrou ('n nooi Coetzee, vanuit Middelburg, Kaap) wil baie graag gaan, omdat sy daar so tuis voel.

Maar, sê Postma, die saak het ook 'n ander kant.

Eerstens is daar die kritieke situasie waarin die Teologiese Skool verkeer as gevolg van die nuwe wet op hoër onderwys. Hy twyfel soms of die Kollege (nie die Teologiese Skool nie) onder die nuwe wet sou kon bly voortbestaan – en mag hy nou, onder hierdie omstandighede, sy medebroers in die steek laat? "Mijn heengaan," sê hy, "zal gewis zaken verergeren en den strijd om het bestaan van het Kollege misschien hopeloos maken."

Daar is syns insiens 'n veel groter skaarste as in Nederland aan mense om sake op kerklike, maatskaplike en staatkundige rigting "in de rechte richting te bevorderen" – en durf hy nou weggaan?

Postma verwys ook na die goeie vordering met die Jubileumfonds, wat op sy inisiatief geloods is: "Door de genadige beschikking Gods heb ik het vertrouwen van onse Kerk gewonnen, en overal, waar ik voor de zaak van onse School optreed, is mijn weg zeer voorspoedig." Hy wil geensins beweer dat hy onmisbaar is nie – "**niemand is onmisbaar**" - maar sy vertrek sal tog vertroue skok en die groot saak skade berokken.

Na nog een en ander sake op te haal, soos "punten van financieelen aard … die zeker wel voor mij met 'n gezin van 5 kinderen 'n factor van overweging moeten maken, "kom Postma tot die konklusie "dat ik mij **niet beschikbaar kan stellen**". Maar hy laat tog die agterdeur op 'n skrefie oop: As Woltjer desondanks met sy nominasie wil voortgaan en hy wel benoem word, "dan ben ik **volkomen vrij** om zulk 'n benoeming **de novo** te overwegen en 'n beslissing te nemen".

Laat in April 1919 is Postma se reaksie in die VU se fakulteitsraad Lettere ter tafel geneem. Veral sy brief van 27 Januarie het druk bespreking uitgelok voordat besluit is om van die saak af te stap – maar sonder om die deur vir toekomstige oorweging heeltemal toe te maak. [112] Vir sover vasgestel kon word, het Woltjer en die VU nie weer in hierdie verband van hulle laat hoor nie en een en almal wat belange by die Potchefstroomse inrigting gehad het, kon saam met die kuratore sugte van verligting slaak. [113] Op hierdie kritieke uur in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Kollege Departement kon Postma net eenvoudig nie ontbeer word nie. En 'n besondere mylpaal was net om die draai.

Op sy beurt was die legendariese Jan Woltjer se pos nie maklik te vul nie en na baie wroeging en onderhandelinge het 'n jong, ontluikende klassikus, dr Pos, uiteindelik in Julie 1923 die stoel van Postma se groot leermeester gevul. [114] Teen dié tyd was Postma self al stewig op die pad na roem, maar roem wat grootliks buite sy en Woltjer se gemeenskaplike aanleg en liefde vir die klassieke geval het.

## 1.7.6 Studente ... en Martha Lugtenburg

Te midde van al die woelinge rondom die toekoms en die toekomstige status van die Teologiese Skool met die Literariese of Kollege Departement in sy midde, sou daar ook ernstig besin word oor die struktuur van die studentegemeenskap.

Sedert Burgersdorp se dae het hierdie gemeenskap drasties verander: eers het daar skeiding gekom van die laer kursusse, wat in die Voorbereidende Skool opgevang is, en aan die begin van 1916 het ook die matrieks oorgeskuif na wat nou Potchefstroom Gimnasium was. Vir Korps Veritas Vincet was dit 'n belangrike ontwikkeling, kon dié liggaam nou sy lank gekoesterde ideaal, sy eindbestemming bereik: "Die suiwere grense was nou getrek, en al die studente was nou ook Korpslede, die Korps kon nou optree als die offisiële studente liggaam, en sij bestuur als die Studente-verteenwoordigende Raad." [115]

In Februarie 1914 reeds is tydens 'n vergadering van Korps Veritas Vincet besluit dat die praetor van Korps voortaan ook praetor van die studente moes wees en dat Korps gevolglik as die studente se verteenwoordigende liggaam sou optree. DN Kotzé was op hierdie stadium praetor met JC van Rooy as sekretaris. Proffesore Du Toit en Los het dit egter nie as gewens beskou nie en die besluit is, soos die Korps mondstuk dit later stel, "vernietig". Die gees waarin dit gedoen is, blyk duidelik uit hierdie beskrywing en uit die feit dat "die ideaal in stilte bly voortlewe" het. [116]

Waar die praetor (voorsitter) van die Studente Algemene Vergadering (SAV) vanaf die totstandkoming van die Teologiese Skool die eintlike mondstuk en verteenwoordiger van die studentegemeenskap was, het JC van Rooy, wat op hierdie stadium die funksionaris was, in Augustus 1915 aangedui dat hierdie taak te omvattend geword het. Hy het spesifiek verwys na die reëlings vir die ontvangs van die Upingtonse krygsgevangenestudente, wat "met baje moeite" deur hom en die sekretaris getref moes word. Aan sy versoek dat 'n studente verteenwoordigende raad of komitee in die lewe geroep word, is terstond gehoor gegee en naas homself, natuurlik as praetor, word nog ses ander lede, "meer of min die klasse verteenwoordigende", tot die nuwe liggaam verkies: H van der Walt, D Gilliland, D Venter, DJ van Rooy (sekretaris), LJ du Plessis en BJ de Klerk. 'n Tydjie later word Van Rooy as afgevaardigde van die nuwe liggaam na die beoogde Heldedag vieringe in die Kaap aangewys. [117]

Vroeg in November neem die Senaat kennis, en keur dit goed, "dat die Praetor als 'n hulp voor sig" 'n Studente Verteenwoordige Raad (SVR) saamgestel het, en dié nuwe liggaam se reglement word ook goedgekeur. Die Algemene Studente Vergadering het op 4 Maart 1916 formeel ontbind. [118]

In die loop van 1915 is dit stil van Korps se kant af, en was dit Van Rooy wat as praetor van die SAV die aanvoorwerk vir 'n verteenwoordigende liggaam doen. Met alles net mooi in plek vroeg in 1916, kom daar 'n nuwe skuif.

Van Rooy, die reeds aangewese praetor of voorsitter van die goedgekeurde SVR, word in 1916 ook praetor van Korps, en Dirk van Rooy, die SVR sekretaris, is ook die nuwe Korps sekretaris. Op 5 Februarie 1916 is "die reorganisatie kwestie" aan die orde en Van Rooy (sekondant CWM du Toit) stel voor: "Aangesien die matrikulasie offisieel uitgegaan is uit die Theol. Skool en die studente vereniging ontbind is sal die Korps voortaan optree als die offisiele Stud. Vereniging en die funksies verrig, wat deur genoemde vereniging tot nou toe verrig is." [119] Van die verkose en deur die Senaat goedgekeurde SVR is daar geen taal of tyding nie. Met die matrieks uit die weg, en met lidmaatskap van Korps verpligtend vir alle studente, is die ou Korps ideaal om die septer oor geheel die studentelewe te swaai, met 'n soort van 'n "staatsgreep" verwesenlik. Daar kan min twyfel bestaan dat die twee Van Rooys die argitekte van hierdie meesterplan was. Saam met hulle dien nou op die SVR alias Korpsbestuur ook CWM du Toit as vise-voorsitter en ELJ Venter en DG Venter as "kommissielede". [120]

Vroeg in Mei is die Senaat oor verwikkelinge ingelig en is daarvan kennis geneem. Vanuit studentegeledere is voorgehou dat die Senaat sy sanksie daaraan verleen het. [121] Hoewel dit in die praktyk voorkom asof Korps wel voortaan as SVR gefunksioneer het, en daar aanduidings is dat die Senaat minstens verlief geneem het met die situasie indien dit moontlik nie formeel sy stempel daarop geplaas het nie, is daar tog die eienaardigheid dat 'n skriftelike aansoek om formeel as SVR erken te word, in Junie 1918 deur sekretaris AJH van der Walt aan die Senaat voorgelê word. In die brief word gemeld dat Korps "feitelik" die rol van SVR vervul. In Augustus 1918 het die Senaat die groen lig gegee en het Korps sy konstitusie in lyn gekry met die praktyk, om voortaan amptelik "orgaan te wees van die studente-wereld aan die Theol. Skool". [122] Hierdie energieke studentevereniging sou vir etlike jare lank as verteenwoordigende liggaam vir die studente optree.

Wat die georganiseerde studentelewe betref, word teen die einde van 1916 op die Bult of Groenpunt, soos hier en daar nog na die buurt verwys is, 'n laagtepunt ervaar. Dit was juis op die stadium toe, op bestuursvlak, so verbete om bestaan en voortbestaan geveg is, in die aangesig van die omwentelinge in die universitêre opset van die land. Korpspraetor (voorsitter) en terselfdertyd ook redakteur van die studenteblad *Veritas Vincet*, JC van Rooy – bestem om later nog 'n groot rol in die geskiedenis van die inrigting te speel – het die destydse situasie só saamgevat: "'n Soort van doodsheid het ons bevang. 'n Studentelewe was daar bijna nie hierdie jaar nie … Ons 17-tal het geen sentrale plek van samekoms; ons het nie 'n plek vir die hol van onse voet; ons is verjaagd uit ons schoolgebouw; ons is verdryf van onse bibliotheek en leeskamer. Ons is verban naar 'n gindse uithoek. Die




***1.7.11***

***Korps Veritas Vincet, 1916 ... met een roos (Martha Lugtenburg) tussen die manne. Voor: AJH van der Walt, HG Schulze, TT Spoelstra (sekretaris), PJS de Klerk (voorsitter), Mej MCT Lugtenburg, MJ Coetzee, JC van Rooy, B Fourie. Tweede ry: J de Wet, HJ Venter, WJ Snyman, W Postma, A Duvenage, N Steyn, J van der Walt, FJ du Toit, Derde ry: J Anderson, W de K Kruger, LJ du Plessis, TE Schlebusch, HJ Venter, CP Venter, P Kruger, Vierde ry: P Opperman, DC Guillaume, P Jooste, J Aucamp. Agter: A Los.***

studentetal gaan helemaal op en verdwijn in die sterke Gymnasium omgewing." [123]

Met sy laaste opmerking het Van Rooy waarskynlik in gedagte gehad die eie 17 studente teenoor die ongeveer 350 leerlinge van Gimnasium, die feit dat koshuisgeriewe nog gedeel is en dat gesamentlik aan sportbedrywighede deelgeneem is. Gimnasium het egter sy eie Korps op die been gebring.

Ten spyte van hierdie swartgallige prentjie, het daar ook nog in 1916 'n verwikkeling plaasgevind wat 'n bietjie lewe in die studentegeledere geblaas het: die totstandkoming van 'n interuniversitêre Afrikaanse Studentebond (ASB), met die Gideonsbende van Potchefstroom aan die spits. Korps Veritas Vincet, wat nie-amptelik as verteenwoordigende studenteraad gefigureer het, het 'n aandeel gehad in die totstandkoming van hierdie nuwe beweging. [124]

In Maart 1917, by die afsluiting van lesings vir die eerste kwartaal, het prof Ferdinand Postma half terloops en op gemoedelike wyse daarop gewys dat dit nog nooit sedert die stigting van die Teologiese Skool gebeur het dat die lesings aan die einde van die eerste kwaartaal gesluit word "met so 'n groot aantal jonge manne, wat dit nou vir die eerste keer wijselik geag het om hul geledere te versterk met een van die skone geslag. Ons heet haar welkom in ons midde en ons wil hoop dat haar voorbeeld navolging sal vind." [125] Hierdie dame, wat inderdaad die eerste volwaardige damestudent van die Teologiese Skool/Literariese Departement was en ook die eerste wat haar graad sou verwerf, in 1919, was mej Martha Catharina Transvalina Lugtenburg.



*1.7.12*

***In 1905 komt de eerste vrouwelijke student, Freule 't Hooft, aan. Dit brengt de Calvinistische wereld danig in beroering want in 1898 wordt nog gesteld dat een studerende vrouw "een ingaan tegen de verordeningen Gods" was. Het Corps raadt mej. 't Hooft alles te doen wat 'des students' is, een raad die Suze maar ten del dele kan opvolgen want niet alle "kroeg"gestijnen zijn - na een bepaald tijdstip - toegankelijk voor een meisje. Het vervullen van een bestuursfunctie is echter niet verboden: hier zit zij temidden van haar dispuutsgenoten, leden van die Oratorisch Vereniging lumbo.***



*1.7.13*

***Op dié 1915-foto van die Teologiese Skool verskyn 'n paar dames, maar hulle was waarskynlik net matrieks van Gimnasium en nie vir grade geregistreer nie.***

**Damestudente aan die VU**

***In 1905 komt de eerste vrouwelijke student aan, freule S. 't Hooft uit Arnhem. Dit maakt natuurlijk flinke discussies los in de Calvinistische wereld, temeer daar in 1898 nog gesteld werd dat een studerende vrouw "een ingaan tegen de verordeningen Gods is". Maar Suze krijgt wel toestemming zich in te schrijven aan de VU. 't Corps kan nu niet achterblijven en freule 't Hooft wordt aangeraden alles te doen wat "des students" is. Niet iedereen is even gelukkig met deze vrouwelijke aanwinst. Eén student stelt voor "voorloopig de deur op het nachtslot te houden, omdat nog niet uitgemaakt was, of de Gereformeerde principia het verblijf van een vrouwelijke studente in ons Corps gedoogden".***

***Wel, de hoogleraren doen hun best een oplossing te vinden voor dit brandend probleem en de hoogleraar H.H. Kuyper verantwoordt het toelatingsbeleid op een bijeenkomst in Middelburg: Hij wil vrouwen de toegang niet ontzeggen - dit kan niet volgens het reglement - maar hij geeft toe "dat de vrouw, generaal genomen, noch door haar geestelijken aanleg, noch door haar lichamelijken kracht, noch door haar bestemming en roeping voor de studie der wetenschap bestemd is"; dit blijkt ook uit het feit "dat tot dusver noch op het gebied der kunst, noch op 't gebied der wetenschap geniale vrouwen zijn opgestaan, die metterdaad een nieuwe periode ontsloten hebben"; overigens wil hij vrouwen niet zien ondergaan "in het leven der huidouding met al zijn rompslomp". Het zal nog tot 1918 duren voordat de tweede en derde meisjesstudent hun intrede doen aan de VU.***

**Uit: 100 Jaar studentenleven aan de VU, pp 30-31**

Met die Kitty Postma aanspraak as synde die eerste dame student is reeds effektief gehandel. Die uitspraak van Postma asook die ander verwysings na Lugtenburg se status as eerste damestudent aan die Teologiese Skool stry ook teen 'n ander aanspraak op hierdie gesogte status of titel, naamlik dié van mej Helena Petronella (Lenie) van der Walt, afkomstig van Middelburg, Kaap. **(kyk insetsel op p172)**

Uitgesonderd Kitty Postma en haar mededamestudente rondom 1910, word daar weer vanaf 1914 enkele ander dames se name aangetref in die studenteregister van die Teologiese Skool. Jacoba Bornmann (1914), Johanna Kinnear (1915-1916), Marie König (1915-1916), Anna Luttig (1915) en Sophie du Toit (1916) was almal vir junior matriek en/of senior matriek ingeskryf – maar waarom hulle in 1915 nog by die Teologiese Skool en

nie by Potchefstroom Gimnasium ingepas het, is ook nie duidelik nie.

Hoe ook al, Helene (Lenie) van der Walt was in 1915 ingeskryf vir die intermediate klas, soos dit in die register genoem word, en wat skynbaar as soort toelatingseksamen vir verdere studie gedien het. [126] Om een of ander rede – dalk die feit dat sy net vir 'n jaarkursus ingeskryf was? – is Lenie van der Walt in haar tyd nie as volwaardige damestudent gereken nie en is sy nie eietyds met hierdie eer bekroon nie.

Martha Lugtenburg was 'n slimkop, wat haar matrikulasie-eksamen einde 1916 aan Potchefstroom Gimnasium in die eerste klas geslaag het. Daarmee het sy 'n "goevernements"-beurs verwerf, vir verdere studie aan die erkende Transvaalse Universiteitskollege (TUK) te Pretoria. Maar nee: "Daar de beginselen van de Theol. School mijn liefde hebben", skryf haar pa in Januarie 1917 vanaf Belfast in die Oos-Transvaal en vra finansiële hulp sodat hy weer vir Martha Potchefstroom toe kan stuur.

Waarskynlik het hy reggekom, want in Februarie 1917 skryf sy by die Teologiese Skool in vir die Intermediate. Reeds op 10 Februarie 1917 dien haar aansoek om lidmaatskap voor die Korps VV-bestuur en kon daar sommer al in die eerste uitgawe van die studentekoerant gespog word: " 'n Nuwe eer wat die korps te beurt geval het is dat ons nou die eerste dame-lid in ons midde het. Ons heet al die nuwelinge hartlik welkom in ons midde, maar in biesonder onse dame-lid." [127] Aan die einde van die jaar word daar weer gespog, deur Korps-voorsitter ELJ Venter in sy jaaroorsig. Die 24 lede is heelwat meer as in vorige jare "en wat nog meer is, die Korps het vanjaar vir die eerste maal in sij 23 jarige bestaan een damelid, mej M Lugtenburg". [128]

In 1918 doen sy die BA Junior en in 1919 die BA Seniores (finale jaar BA). En só is Martha Lugtenburg se naam onuitwisbaar in die annale van die PUK gegriffel, as die eerste volwaardige damestudent aan die destydse Teologiese Skool/Literariese Departement en die eerste dame wat, in 1919, 'n graad aan die nuutgestigte Potchefstroomse Universiteitskollege vir Kristelike Hoër Onderwys behaal het. Die senaatsrapport vir 1919 meld dat sy 'n beurs van £25 ontvang het. In 1920 is sy ingeskryf vir die onderwyskursus O.1., asook Latyn en Plantkunde, en in Junie 1921 verlaat sy die PUK om in haar tuisomgewing te gaan skoolhou.

Al was sy, volgens 'n effens later tydgenooot Jacs van Rooy, die "Groot Eensame", was sy as student besonder gewild onder die klomp mans, het sy haar plek volgestaan en onder meer in die tennisbestuur gedien. [129]

## Die Puk se eerste dame-student

Die negentigjarige **mej. Lenie van der Walt,** die Puk se eerste damestudent, is op 12 Januarie oorlede. Mej. Van der Walt is op Postmasburg in die Kaapprovinsie gebore. Sy het in 1914 op Middelburg gematrikuleer en lê aan die einde van 1915 die Intermediêre B.A.-eksamen aan die Puk af.

Sy en twaalf manstudente het klas geloop in die ou Teologiese Skool langs die Totiushuis. Sy het met 'n beurs van twaalf pond kom studeer en het dit gekry op grond van haar goeie matriekuitslae. Sy het na 1915 aan die Bloemfonteinse Onderwyskollege studeer en was onder meer 33 jaar lank onderwyseres aan die Laerskool Pres. Pretorius op Potchefstroom.

'n Kort artikel het 'n paar jaar gelede in die PU-Kanerkoerant verskyn. Hierin vertel sy dat al die vakke in die eerste jaar verpligtend was. Dit was Engels, Hollands, Latyn, Wetenskap word, en die studente moes op eie stoom daar kom.

Haar skoolhoof by Pres. Pretorius, toe bekend as die Noordskool, is ook 'n bekende Oud-Puk, mnr. Sarel Yssel, wat op 104 'n paar jaar gelede oorlede is. Mej. Van der Walt self is in Pretoria oorlede en het tot haar dood in die Karmelitehuis gewoon.



***1.7.14***

***PU-Kaner 4(1):56-1987.***

In Maart 1922 het Martha op die jeugdige ouderdom van 22 jaar tragies gesterf. Volgens haar doodsberig **(kyk insetsel)** was sy saam met haar ma van die kerk af op pad huistoe, toe die ongeluk gebeur het. Jacs van Rooy onthou die gebeure só: "Haar verloofde was nog op die PUK, en op 'n goeie (kwade) dag kom daar vir hom 'n foonoproep. Ons wou nog draakstekerig weet waarheen is hy so vinnig op pad. Weinig wis ons dat, helaas, tragedie aan die orde was. Martha was saam met skoolkinders met die skoolkarretjie op pad. Daar het teëspoed gekom. Sy het die lewe ingeskiet. Verbysterend … Ons het nog lang daarna onse ou Maat Willem terneergedruk sien aangaan." [130]

Hierdie Willem was niemand minder nie as Willem de Klerk Krüger, briljante senter van die Theos (Puk se eerste rugbyspan) en Wes-Transvaal. Van hom is gesê dat sy kombinasie met vleuel Hans Aucamp bygedra het tot die faam van laasgenoemde, wat in 1924 die PUK se eerste Springbok geword het. Hy was ook die broer van die latere bekende prof DW Krüger en vanaf 1938 tot 1965 hoof van Potchefstroom Gimnasium.

Die "treurige berig" van Martha se onverwagse dood is ook in die studentekoerant aangeteken: "Sy bly vir ons onvergeetlik." [131]

Aan Martha Catharina Transvalina Lugtenburg "word as moedige baanbreekster 'n ereplekkie vooraan die ry van damestudente aan die P.U.K. gegun", skryf die eggenote van prof Dirk van Rooy op die vooraand van selfstandigwording in 'n kort, spesiale artikel oor damestudente aan die PUK. [132]

### 1.7.7 Geboue en geldsake

Wat fasiliteite en finansies betref, het dinge basies maar steeds teen die ou trant gegaan. In Junie 1918 word berig dat die Teologiese Skool "nog maar swerwend" is, vir sover dit geboue betref. Daar was darem vooruitsigte op verbetering want goed uitgeruste laboratoriums vir die verskillende natuurkundige vakke word ingerig. Van die stadsraad is drie morge grond teen 'n nominale bedrag van £25 aangekoop.[133]

Die snelgroeiende Voorbereidende Skool, wat vanaf 1915 staatsubsidie ontvang en voortaan as Potchefstroom Gimnasium bekend gestaan het, het hoë ruimtelike eise aan die beherende Kuratorium gestel. Die sogenaamde "Rooi Waenhuis" wat in 1909 vir die skool opgerig is, was spoedig te klein en die gebou van die Teologiese Skool sou weldra ook beset word. [134] Toe daar in November 1916, op aanbeveling van die Senaat, besluit is om 'n nuwe skoolgebou op te rig, was twee van die agt stemme in die Kuratorium daarteen en wel omdat, volgens ds D Postma, die gemeentes vir die geld sou moes sorg en die oorplasingskoste vanaf Burgersdorp nog nie eens gedelg was nie. [135]


Die skoolgebou is wel opgerig en, omdat die skool intussen aan die regeringsgesag oorgedra is, aan die Transvaalse Provinsiale Administrasie vir benutting deur die Potchefstroom Gimnasium verhuur. Die sukkelende afdelings vir hoër onderwys moes maar raap en skraap: "Die teologiese studente het hulle toevlug geneem tot die studeerkamers van hulle professore, waar hulle dan lesings ontvang het. Selfs die woning van oud-president MW Pretorius (Oakdene) is ingeruim om as klaslokale vir studente van die Literariese Departement te dien." [136]


Verdere bouplanne en die oprigting van laboratoria vir Natuur-, Skei- en Dierkunde was ook ten tye van die sinode wat in Augustus 1918 gehou is, in die pyplyn. [137] In reaksie op dankbetuiging van senaatskant vir skenkings wat hy in sy gemeente Reddersburg bemiddel het vir die beursfonds en 'n laboratorium, sê ds Willem Postma dat die uitkoms "bo gebed en verwagting goed" was, dat hy verbaas is "oor die goeie gees, wat in hierdie saak geheers het". [138]

Wat betref biblioteek- en studiegeriewe, was die destydse studente veral aangewese op die biblioteek en leeskamer van die Teologiese Skool. Daarby het die dorp se Carnegie-biblioteek ook heelwat wetenskaplike werke, veral oor die letterkunde en geskiedenis, bevat. Meer nog: "Ook binne bereik van studente op Potchefstroom is die verskillende boekerije in Johannesburg en Pretoria … veral die Staatsbiblioteek op Pretoria, waar besoekers baie skappelik behandel word en waar vir elke snuffelaar iets te krije is", veral oor die klassieke en oor Afrikaanse geskiedenis. [139]

Losieshuisinwoning is op hierdie stadium nog gedeel tussen studente en leerlinge van die Gimnasium. Vir £10, vooruitbetaal, is "alles ingeslote" verkry – behalwe dat elke kosganger sy eie meubels moes voorsien! Onder toesig van die egpaar A Postma was alle kosgangers onderhewig aan "kristelik opsig en bestier". [140] Teen die einde van 1918 het prof Ferdinand Postma, na rype oorleg en met raadpleging van lede van die Senaat, die huisvaderskap voorlopig vir 'n jaar lank oorgeneem. [141]

Daardie optimistiese dromer van 1912, ds Willem de Klerk, het reeds in 1916 'n beeld opgetower van 'n gebou vir 600 studente en leerlinge en die hoop uitgespreek dat so 'n gebou, wat £10 000 sal kos, ter herdenking aan die 50-jarige bestaan van die inrigting opgerig sal word. [142] Hierdie visioen is ongetwyfeld geïnspireer deur 'n foto van die nuwe gebou van die Teologiese Skool en Calvyn Kollege te Grand Rapids, wat in dieselfde uitgawe as Postma se oproep geplaas is. [143] Wie die argitek van hierdie "droomgebou" was, word ongelukkig nie bygesê nie.






***1.7.15***

***In Augustus 1916 is 'n skets van die gebou van Grand Rapids (bo) in Het Kerkblad gepubliseer, ten tye van druk bespreking oor die oprigting van 'n eie gebou vir die Teologiese Skool. Twee maande later verskyn 'n plan ("vir beoogde gebou vir TS") in die blad. Wie die plan geteken het, is onbekend.***

In die kuratoreverslag aan die 1918-sinode is gemeld dat die insamelingsveldtog vir die jubileumfeesvieringe in 1919, met mikpunt £10 000, goed op dreef is.[144] Dit was goeie nuus, want op 'n stadium nie te lank gelede nie het dinge maar beroerd begin lyk vir die inrigting wat ook op ander fronte in 'n verbete stryd om voortbestaan gewikkel was.

Soos die "Koe-stelsel" in die eerste helfte van die dekade skouspelagtige finansiële ondersteuning openbaar het, só help die Jubileumfonds vanaf 1916 dat die hoë ideale van die vadere en die manne aan die stuur nie op die rots van bankrotskap skipbreuk ly nie.

Dit was maar weer Ferdinand Postma wat die lont aan die brand gesteek het. Op 15 Augustus 1916 wys hy in *Het Kerkblad* daarop dat die Teologiese Skool sy jubileumfees in 1919 sal vier en, met verwysing na soortgelyke uiters suksesvolle projekte by die VU, Amsterdam en Grand Rapids in Amerika, stel hy 'n grootse insamelingsveldtog voor, met mikpunt £10 000 teen 1919.[145] Hoewel hy as komiteelid ook ten nouste betrokke was, bring prof JD du Toit later (in 1935) hulde aan prof Postma as "die vader" van hierdie fonds. Die doel met die fonds, wat onder beheer van die kuratore geplaas is, was veral om meer personeel te kan aanstel en beurse aan studente toe te ken. 'n Gedeelte sou ook vir geboue aangewend kon word.[146]



***1.7.16***

***GHJ Kruger van Kalkoenkrans. Sy £100-"uitdaging" het 'n bal aan die rol gesit. Kruger was student aan die Teologiese Skool te Burgersdorp en het in 1881 die elementêre goewermentsonderwyser diploma behaal, maar in 1882 gaan boer "omdat zijn vader geene kans meer ziet hem hier langer te houden". Sy broer Jan Kruger het tydens die Anglo-Boereoorlog as student van die Teologiese Skool naby Steynsburg gesneuwel. Hy was ook die vader van twee bekende figure in die geskiedenis van die Teologiese Skool en die PUK, naamlik Willem de Klerk Krüger (bekende sportman en latere Raadslid en vir etlike dekades lank hoof van Potchefstroom Gimnasium), en die bekende historikus, DW ("Daantjie Donder") Krüger.***

Aanvanklik ietwat sukkelend, kom die veldtog spoedig op dreef en begin bydraes instroom, veral nadat GHJ Kruger van Kalkoenkrans, Steynsburg, £100 skenk op voorwaarde dat tien ander dieselfde bedrag en 250 persone £20 bydra. Waar die fonds in Maart 1918 op £601 staan, skiet dit op na £2 416 twee maande later; op 1 Julie is dit £4 665 en 'n skrale twee weke later staan dit op £7 310. Middel November word die £10 000-mikpunt verby gesteek en teen 1 Desember 1919 staan dit op byna £11 500. [147]

Aan prof RH Woltjer van die VU, seun van sy ou leermeester, berig Postma vroeg in Januarie 1919 dat hy pas teruggekeer het van Venterstad, waar hy £800 ingesamel het. Die fonds loop goed en die mikpunt van £10 000 kan dalk verdubbel word – maar dit sal kraginspanning verg. Die mense is nie onwillig nie, maar 'n persoonlike besoek van een van die professore is "absoluut noodzakelijk". Word die groot afstande in aanmerking geneem (die reis na Venterstad per motor en trein duur 30 uur, en net so lank terug) "dan word eenigzins verstaan, wat daaraan verbonden is om de menschen belangstelling in te boezemen voor de zaak van Hooger Onderwijs."

"Edoch 'nil desperandum Deo duce'!", is sy optimistiese en diep gelowige wekroep: nie te wanhoop nie, God regeer! [148]

Postma se verwysing na die groot bedrag geld wat hy te Venterstad ingesamel het, moet in verband gebring word met 'n verklaring wat ds D Rumpff oor dieselfde saak gemaak het, en wat betrekking het op die verhoudinge met Nederland, en met die Vrije Universiteit van Amsterdam in die besonder. Dié sake word hieronder **(afd 1.7.9)** van nader bekyk.

## 1.7.8 Christelike karakter

Die Christelike en Afrikaanse karakter sou inderdaad in hierdie tyd sterk in die sentrum staan van die verreikende ontwikkelinge wat op hande was. Veral eersgenoemde aspek, die Christelike, sou deurentyd in die onderhandelinge om 'n plek in die son van die ontluikende universiteitswese 'n faktor wees. Die propageerders van die ideaal van 'n Christelike universiteit sou van hulle kant alles in werking stel om hierdie unieke karakter te beskerm en uit te bou.



**VERENIGING VIR KRISTELIK-NASIONAAL HOëR ONDERWIJS.**

Die begin om bewestaande Vereniging in lewe te roep is daar, die voortgang sal kom en die vrug sal nie uitbly onder die sege van God.

Hier volg die eerste tiental name van lede wat aangesluit het. Dit is tien kampvegters vir die beginsel saak, Honderde andere het nog nie die geleentheid gehad om hulle name per briefkaart oor te stuur. Die sal wel mettertijd kom en sal ook gepubliseer word:—

Prof. Dr. F. Postma, Theol. Skool Potchefstroom.
Prof. Dr. J. D. du Toit, Theol. Skool P.C.Stroom.
Prof. Dr. S. O. Los, Theol. Skool, P.C.Stroom.
Prof. A. P. C. Duvenage, Theol. Skool, P.C.Stroom
Ds. W. J. de Klerk, Bus 231 P.C.Stroom.
Ds. M. Postma M.A. 61 Mintweg, Fordsburg.
J. C. van Rooy B.A. Theol. Skool P.C.Stroom.
Ds. D. Rumpff, Venterstad K. Prov.
G. Buddingh, Delarey Stn. Transvaal.
Mevr. G. Buddingh Delarey Stn. Transvaal.

W. J. de Klerk.

Potchelstroom 12 Julie 1917.

***1.7.17***

***Het Kerkblad 1.8.1917 p 11***

Met sy pleidooi, tydens die bogenoemde besprekinge van die toekoms van die Literariese of Kollege Departement in Oktober 1917 vir die daarstelling van 'n propagandakomitee om onder andere "Verenigings van Hoër Onderwys" te stig, het ds JA du Plessis eintlik verwys na die organisasie "Vereeniging vir Kristelik Nationaal Onderwys" (VKNO), wat 'n jaar tevore in Potchefstroom tot stand gekom het.

In Maart 1916, en met die sinodegangers van die Gereformeerde Kerk as gaste, is daar op Potchefstroom en op inisiatief van die Senaat van die Teologiese Skool 'n bespreking aangebied rondom die tema "Kristelike Nasionale Hoër Onderwys", met professore Kamp en Du Toit as inleiers. Tydens hierdie byeenkoms het die behoefte aan georganiseerde aksie rondom die tema baie sterk na vore getree en het die Senaat opdrag gekry om die beplande vereniging op die been te kry. 'n Subkommissie bestaande uit proff Kamp en Boshoff en ds WJ de Klerk moes die konsepstukke saamstel en het spesifieke opdrag gehad om ook persone van ander kerkgenootskappe te betrek. [149]

Hoogs waarskynlik is die idee geïnspireer deur die suksesverhaal van die eweknie-organisasie waaruit die VU te Amsterdam sy beslag gekry het, naamlik die Vereniging voor Hoger Onderwijs op Gereformeerde Grondslag (VHOGG), wat in Desember 1878 tot stand gekom en in Februarie 1879 koninklike sanksie verkry het. [150] 'n Eksemplaar van die statute van die VU-vereniging bevind hom tussen die nagelate dokumente van prof Ferdinand Postma wat, hoewel nie aan die spits nie, tog mettertyd die eintlike dryfkrag agter die idee sou blyk te wees.

In die konsepstatute vir die "Vereniging vir Vry Kristelik-Nationaal Onderwys" word beoog om 'n vrye inrigting vir dié doel te stig en in stand te hou. Indien voldoende finansies verkry word, sou oorgegaan word tot die stigting van leerstoele vir sekere vakke, die saambinding van leerstoele in fakulteite en dan die verbinding van fakulteite tot 'n universiteit. En dit was 'n uitgesproke oogmerk om die gewetensklousule herroep te kry.

'n Aantal invloedryke persone sou genader word om as direkteure van die beoogde vereniging op te tree: president MT Steyn, mnr J Kuyter, ds W Postma, ds JD Kestell, ds LE Brandt, ds WJ de Klerk, ds ML Fick, ds Dirk Postma van Burgersdorp, dr AD Keet en adv EG Jansen. [151]

Die konsepstatute van die vereniging is op 29 November 1916 aan die vergadering van die breë kommissie insake affiliasie voorgelê, wat egter besluit het dat dit vroeg in 1917 op 'n beplande groot saamtrek van die drie Hollands-Afrikaanse kerke in Bloemfontein ter sprake gebring moes word. Ds Willem Postma is versoek om dié taak op hom te neem. [152] Soos reeds gesien, het hierdie saak egter in die sand geloop omdat die byeenkoms deur die organiseerders, verteenwoordigers van die drie Hollands-Afrikaanse kerke, vanweë oorlogsomstandighede afgestel is.

Die konsepstatute is in Junie 1917 deur die Senaat aanvaar, om gepubliseer en versprei te word. [153] In Augustus is die name van die eerste tien lede van die "Vereniging vir Kristelik-Nasionaal Hoër Onderwijs" (VKNHO), soos die vereniging nou geheet het, in *Het Kerkblad* gepubliseer **(kyk insetsel hiernaas)**. In dieselfde maand sien die publikasie "Onse Hoër Onderwys", saamgestel deur ds de Klerk en professore Kamp en Boshoff ook die lig, onder die vleuels van die VKNHO. [154]

Nogtans sukkel dit steeds, kan die vereniging maar nie koers kry nie. Miskien omdat die tyd en aandag van diegene wat direk daarby belang gehad het, só intens deur die beplanning oor die toekoms van die Kollege Departement in beslag geneem is. Druk van buite vir die verruiming van die kerklike basis van dié ontwikkelende departement, sou teen 1919 nuwe lewe in hierdie beweging blaas **(art. 1.7.9).** Wat egter belangrik is, is dat Postma en sy kollegas hier vir die eerste keer in die geskiedenis van die Teologiese Skool daadwerklik in die rigting van 'n breë, interkerklike platform beweeg het. Nie net sou dit blyk baie tydig te wees nie, maar sou hierdie beweging vorentoe 'n waardevolle bondgenoot word in die inrigting se stryd om die behoud en uitdra van sy besondere Christelike karakter.

Die noue ineengestrengeldheid tussen die Christelike en nasionale karakter van die Teologiese Skool/ Literariese Departement het duidelik na vore gekom met die opvoering van 'n toneelstuk in Maart 1916 in die Potchefstroomse stadsaal, onder die vaandel van die Potchefstroom Toneel Vereniging. [155]

Midde-in die onrustige oorlogsomstandighede en terwyl verhoudinge tussen Nasionaalgesinde Afrikaners aan die een kant en regeringsondersteunende Afrikaners en Engelssprekendes aan die ander kant juis as gevolg van oorlogsdeelname soms tot breekpunt toe gespan is, het die toneelstuk "Magrita Prinsloo, of Liefde getrouw tot in die Dood", 'n drama uit die Voortrekkertydperk en geskryf deur dr SJ du Toit, Totius se vader, ongetwyfeld uiting gegee aan die opvoerders se patriotiese gevoelens. Prof SO Los, van oudsher gekant teen hierdie kuns- en/of vermaakvorm, het dadelik weer rooi gesien en 'n formele beswaar teen die opvoering by die Senaat ingedien en versoek dat studente belet word om in die openbaar aan toneelspel deel te neem. Sy versoek is deur die senaat geweier, waarna hy hom op die kuratore beroep het. [156]



JONG SUID-AFRIKA

OFFISIËLE ORGAAN VAN DIE U. D. J. T.

Redaksie Kommissie: J. W. Potgieter, H. G. Schulze, D. J. Smal, J. C. van Rooy, B.A. J. L. Zerwick.
Medewerkers: Prof. S. P. E. Boshoff, M.A., Prof. Dr. J. D. du Toit, Ds. M. L. Fick, Ds T. Hamersma, H. H. Joubert, Prof. J. Kamp, Ds. W. Postma, Joubert Reitz, Dr. W. J. van Zijl.

Adresseer alle stukke ter plaatsing aan: Die Redaksie „Jong Suid-Afrika", per adres Mnr. J. C. van Rooy, P.K. Noordbrug, Potchefstroom.

Stuur alle intekeningsgelde en besigheids-korrespondensies aan: Die Administrasie „Jong Suid-Afrika", Bus 123, Potchefstroom.

Deel. I. OKTOBER 1917. No. 4.

"Jannies, Johnnies, en Jantjies."

Eerste Rij (van links na rechts): Die Skrijwer (S. P. E. Boshoff), John Missionary (L. Zerwick) Johnnie Bull (T. Roux), Jan Kompanie (C. Ludick), Jan Salie (J. Botha), Jan Maat (J. Breytenbach).
Tweede Rij: Jean Hugenoot (H. G. Schulze), Jeanne (Mej. G. Zerwick), Jan Goewerneur (G. Fleischack) Jeanette (Mej. Kitty Gauche), Jan Kolonie (O. Zerwick). Jannetje (Mev. L. Gerber), Jan Kaas (W. J. van Zijl).
Derde Rij: Jan Masbieker (P. Steyn), Swart Jantjie (J. Schoeman), Jana (Mej. L. Cachet), Geel Jantjie (J.W. Wentzel).

Vir Kersfeeskaarte spesiaal gedruk, stuur uw bestelling vroegtijdig aan „Het Wesen" Drukkerij en Boekhandel

***1.7.18***

***Terwyl kollega Los diep beswaard was daaroor, het prof SPE Boshoff 'n leidende aandeel geneem in die opvoering van toneelstukke soos hierdie.***

Daar is geen aanduiding of Los se beswaardheid godsdienstig of polities gemotiveerd was nie. Die verdere verloop van sake dui daarop dat dit eerder eersgenoemde was.

'n Week later dien die Los-beswaar toe voor die kuratore, maar maak ook dáár nie hond haar-af nie: die kuratore verwys hom net na die uitspraak van die sinode van 1913. [157]

Prof Du Toit het intussen, as voorsitter van die Senaat, ondersoek ingestel en gevind dat "nie studente nie maar gymnasiaste", dit wel sê leerlinge van die Potchefstroom Gimnasium, betrokke was. Hy het dit tog nodig gevind om dit tussentyds te belet. Hy vra en kry op 31 Mei senaatsanksie met 'n besluit dat die Senaat "voor het tegenwoordige geen vrijmoedigheid (te) hebben om studenten of gymnasiasten toestemming te geven aan toneelspel deel te nemen". Die rede: omdat die kuratore se besluit 'n voorlopige karakter dra en 'n beslissing eers in November kan val. Intussen sal "de stand der kwessie" aan die kuratore oorgedra word. [158]

Einde November dien die saak voor die kuratore en Du Toit verduidelik die hantering van die saak op senaatsvlak. Hoewel kennelik nie baie entoesiasties nie, maak ook die kuratore nou 'n ommekeer in die kwessie: "De Kuratoren spreken als hunne overtuiging uit dat het standpunt ten opsichte van het toneel door de Sinode te Steynsburg ingenomen het juiste standpunt is, maar lettend op de reeds bestaande moeilikheden in de Kerk en kennis dragende van het verschil in de Senaat aangaande het in het openbaar opvoeren van toneelstukken, achten het niet wenselik dat dit verschil zo geaksentueerd zal worden dat nog verdere moeilikheden in de Kerk zullen ontstaan en besluiten daarom op grond van dit praktiese beswaar dat de Senaat geadviseerd zal worden studenten en gymnasiasten van onse kerk te ontraden deel te nemen aan het publiek opvoeren van toneelstukken." [159]

In die verwysing na die reeds bestaande moeilikhede in die Kerk het die kuratore natuurlik in gedagte gehad die woelinge rondom lidmate se deelname aan die Rebellie van 1914 en die verdeeldheid wat dit onder Afrikaners ook binne Gereformeerde Kerkverband veroorsaak het, asook die opslae wat sekere predikante se deelname aan die 1915 algemene verkiesing tot gevolg gehad het. Albei hierdie sake is tot op sinodevlak gevoer en dáár heftig gedebatteer.

Die toneelkwessie het weerklank gevind in twee beskrywingspunte tydens die 1918-sinode van die Gereformeerde Kerk, te Reddersburg. Die een, afkomstig van Frankfort, wou dat summiere afkeur uitgespreek word oor die hou van toneelopvoerings deur Gereformeerdes, terwyl Potchefstroom 'n nader verklaring verlang het van die term "sondige toneelspel", in die sinodebesluit van 1913. Ná bespreking is een voorstel ingedien wat vra dat by die 1913-besluit volstaan word, naamlik dat elke kerkraad self oordeel wat sondig is, terwyl die aanvaarde voorstel lui dat, met die oog op (die aard van) teenswoordige toneelopvoeringe, die sinode dit onwenslik ag dat Gereformeerdes daaraan deelneem. [160]

Maar die broeders aan die verloorkant was nie tevrede nie en die saak word weer heropen. Hulle stel voor dat die sinode onderskeid tref "tussen die publieke of wereldlike van die ene, en die private of onderlinge toneel of vermakelikheid aan die andere kant. Oor die eerste soort is die Sinode eenstemmig, dat dit so besoedel is deur die wereldgeest, dat 'n Kristen sig daarvan moet onthou. Wat die tweede soort betref, meen die Sinode, dat die besluit van Sinode 1913 duidelik is, en vir sigself spreek." Die twee vorige voorstelle is weer ter tafel, asook een wat vra vir afstap van die saak. Hierdie keer word die aanvanklike eerste voorstel, van te hou by die 1913-besluit, aanvaar. [161]

'n Interessante nagevolg van die hele polemiek is toe studente in Junie 1918 die Senaat formeel moes nader om 'n konsert te kon hou. Dit is goed en wel, besluit die hooggeleerdes, maar op voorwaarde "dat die rektor en die abactis van die Senaat die program sal goedkeur". As daar verskil van mening is, sal die senaat weer die saak behandel. [162] Op hierdie stadium was prof Jan Kamp in die rektorstoel, met prof Los as die abactis oftewel sekretaris van die Senaat. Laasgenoemde sou beslis toesien dat onbehoorlikhede nie deurglip nie.

## 1.7.9 Afrikaanse karakter … en Nederlandse hulp/druk

Waar die eerste helfte van die dekade tien gekenmerk is deur die intensiteit waarmee dosente sowel as studente aan die kulturele en politieke woelinge deel gehad het, is dit kompleet asof daar vanaf ongeveer 1916 'n groter bedeesdheid te bespeur is, veral vir sover dit die personeel betref. Die onmin en wroeging wat deur die Rebellie en die onverkwiklike 1915-verkiesing in kerk- en Teologiese Skoolkringe veroorsaak is, het ongetwyfeld 'n demper geplaas op verdere avontuurlike ekskursies in hierdie verband. Die polities-aktiewe prof APC Duvenage, wat in 1916 vir die tweede keer in sy akademiese loopbaan gevaar geloop het dat sy loopbaan vanweë studente-ontevredenheid kortgeknip sou word, sou ongetwyfeld meer aandag aan daardie faset bestee – sonder om darem sy rol as stadsraadslid prys te gee. Boonop was Duvenage vir die heel jaar 1919 met studieverlof in Kaapstad. Na sy skrobbering deur kuratore-voorsitter Petrus Postma, oor sy koerantbedrywighede, sou prof Jan Kamp seker ook 'n bietjie versigtiger wees. *Het Westen* het in elk geval in hierdie tyd van eienaarskap verander en oorgegaan in *Die Volksblad*, wat voortaan te Bloemfontein uitgegee sou word.

Bo alles was feitlik alle aandag en energie toegespits op die desperate pogings om vir die ontluikende Kollege Departement 'n plek in die son van die nuwe universiteitsbedeling te beding. Kommissie op kommissie en sinode op sinode, waar sake rakende die toekoms van die Teologiese Skool/Kollege Departement hoë prioriteit sou geniet, het nie juis tyd gelaat vir gemeenskapsdiens of deelname aan nasionale politiek nie. Al dié bedrywighede het darem nie beteken dat die Afrikaanse karakter en die strewe na 'n Afrikaanse universiteit van die personeelkant heeltemal links laat lê is nie.

By die opening van lesings aan die begin van 1916 het die rektor, prof JD du Toit, sy gehoor toegespreek oor "Universiteit en Nationaliteit". Die inspirasie vir hierdie tema was afkomstig van nuus oor die opening van die nasionale Poolse Universiteit in Warschau, wat, in die woorde van sy rektor, die stof van die vreemde (Russiese) kultuur afgestof het, in die siel van die nasie voortleef en die vaderlandse wetenskap beoefen. Die steurende invloede van die Russiese bestuur het nie die universiteit laat ondergaan nie "omdat de twee zielen, de westelike en de oostelike, elkander zo vreemd waren, dat alle invloeden en vervolgingen op de Polen als op een pantser afstieten".


Du Toit wys onder meer daarop dat kerk en staat, maatskappy en nasie beurtelings of tesame van tyd tot tyd in die geskiedenis deur universiteite bevoordeel is of dit vir eie denkbeelde aangewend het. Vir hom staan dit soos 'n paal bo water "dat de universiteiten niet buiten maar midden-in het leven staan, en dat zij bijgevolg ook een nationaal karakter dragen en aan een nationaal belang dienstbaar moeten zijn". En hy is nie baie optimisties dat 'n universiteit soos dié in Pole sy beslag in Suid-Afrika sou kry nie. Die eie kultuur is nog te jonk vir kragdadige optrede terwyl staatsvermoë al hoe meer oorgaan in staats-alvermoë, wat "fris en vrij burgerbesef" al hoe meer aan bande sal lê. Van die heersende rigting van die staat kan nie veel verwag word nie, as gekyk word na die gesukkel met die taalkwessie. Die kerke is te verdeeld – en is buitendien as sodanig nie geroepe om die wetenskap te beoefen nie.

Maar Du Toit dui ook aan "waarom het ideaal van een eigen universiteit als een zielsbehoefte door ons wordt geliefkoosd". Eerstens kan die Europese kultuur nie hier net so oorgeneem word nie, maar moet op eie grondslag gebou word. "Is er in ons taal geen levens-element, dat moet worden gekoesterd en gekweekt? … Is er diep in ons volk niet neergelegd een Christelike wereldbeskouing, die niet van hogehand mag worden doodgedrukt?" En sy advies is: moenie hoop opgee, kla en kerm nie – daar is darem steeds vooruitgang. En doen wat die hand vind om te doen, bou voort aan die eie huis: "Het ideaal kunnen wij niet laten varen. Dan zijn we dood." [163]

Daar was groot blydskap en dankbaarheid op Potchefstroom oor die finansiële ondersteuning wat die Voorschotkas alias die "Nederlandse Vriende" verleen het, en waarmee eers Frank le Roux (tweede helfte 1915) en toe SPE Boshoff (aanvanklik net vir 1916, later ook vir 1917-18) se poste aan die Teologiese Skool/Kollege Departement in stand gehou kon word. Dié steun was, volgens kuratore-skriba HJR du Plessis, 'n kragtige steun in die stryd wat gevoer word vir hul Christelike beginsels. Met verwysing na die feit dat die reg om universiteitseksamens in Hollands af te lê, eers onlangs verkry is, kon met genoegdoening aan die "vriende" berig word dat die medium van onderwys aan die kollege vanaf die begin van 1917 uitsluitlik Hollands sou wees, met uitsondering van Engelse taal en letterkunde. [164]

Dit moet darem bygesê word dat student PJS de Klerk dit in 1916 nodig gevind het om sy medestudente aan te praat oor hul traagheid om van dié reg gebruik te maak. Dis vir hom betreurenswaardig dat net enkeles van die sestig studente wat die vorige jaar eksamens afgelê het, "vir die regte van hul taal uitgekom het". [165]

Dit was nie te moeilik om die meriete van die aansoeke om hulp aan die "vriende" te verkoop nie en die grootste onsekere faktor was of die Potchefstroomse instansie sou voldoen aan die eise wat ten opsigte van die gebruik van Hollands as medium gestel is. Besonder insiggewend is dan ook dat in advertensies van die Kollege Departement vanaf die begin van 1917 uitdruklik beklemtoon word dat die staf (personeel) "uit die volgende **Hollands-Afrikaanse** professore en Lektoren" bestaan. [166] Die druk vanuit Holland, oor die taalmedium, het ongetwyfeld die verhollandsing (verafrikanerisering) van die Teologiese Skool/Kollege Departement verhaas.



# Kollege Departement van de Theo. School Potchefstroom.

**DE STAF** bestaat uit de volgende **Hollands-Afrikaanse** Professoren en Lektoren.

S. O. LOS, Ph. D.: Philosophie, Psychologie, Logika, Paedagogiek.
J. D. DU TOIT, Theol. Dr.: Ethiek, Staatsleer.
A. P. C. DUVENAGE, B.A. (Sc.): Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Natuurkunde.
F. POSTMA, Litt. Dr.: Philosophie, Oudheidkunde, Grieks, Latijn.
J. KAMP: Aesthetica, Nederlands, Geschiedenis, Nieuwe Letteren.
Pastor KOHL: Duits.
S. P. E. BOSHOF, M.A.: Engels, Nederlands Philologie, Middelnederlands, Angelsaksies.

**LEERGANG:** Voorbereiding vindt plaats voor de volgende eksamens van de Kaapse Universiteit: Intermediair, B.A. en M.A.

**SCHOOLGELDEN** zijn **£3** per kwartaal, vooruit betaalbaar aan de Penningmeester: Prof. A. P. C. Duvenage, B.A. (Sc.).

**BEURZEN** worden zover mogelik aan studenten, op schriftelike aanvraag aan de Senaat, aangeboden.

**LOKAAL.** Nieuwe lokalen, met voorziening voor 'n nieuw Laboratorium, worden gebouwd.

# POTCHEFSTROOM GYMNASIUM

**(Voorheen Voorbereidende School.)**

**STAF:**

J. J. A. COETSEE, T2, waarn. Hoofd.
F. J. Le ROUX, B.A. T2.
A. C. BOTHA, B.A. T1.
Mej. M. v. d. MERWE, B.A. T1.
S. G. IJSSEL, Int. B.A. T2.
G. J. MUNSTRA, Ned. Akte T3.
O. G. P. GROSSKOPF, B.A. T3.
J. A. P. J. SCHUTTE. T3.
P. VENTER, T2.
Mej. H. J. DUVENAGE, T3.
Mej. G. J. ZERWICK, T3.
G. W. BESSELAAR, T3.
Mej. K. E. Roth, L. A.

Deze inrichting, zijnde **het Voorbereidede Departement van de Theologiese School te Potchefstroom,** wordt nu door het Goevernement ondersteund, en biedt daarom dezelfde voorrechten aan als de andere Goevernement Scholen. 't Onderwijs is zoals voorheen **Kristelik Nationaal.** De kursus loopt van Sub-Standaards tot en met Matrikulatie.

Voor toelating en verdere biezonderheden vervoege men zich bij de ondergetekende.

J. J. A. COETSEE,
Maré Straat, of Bus 117

*1.7.19*

*Fac et Spera 1917.*

Soos onderneem, is verteenwoordiging op die Kuratorium en Senaat aan die weldoeners vanuit Nederland verleen vir sake rakende die Kollege Departement. Hiermee het ADR Bisschop se kandidatuur vir dié pos ter sprake gekom. Hy was eintlik die aangewese man, vanweë sy posisie en ook sy ervaring in hierdie saak, maar in bestuursgeledere van die NZAV was daar egter bedenkinge oor sy geskiktheid vir die pos. 'n Gloeiende, deeglik beredeneerde aanbeveling – van homself – is afgekeur en as rede is sy veel omvattende taak voorgehou. In die binnekringe het Mansvelt egter laat blyk dat Bisschop oor te weinig takt beskik, en dat die heer Altman van Potchefstroom 'n beter keuse sou wees. Hendrik Altman was op daardie stadium visekonsul van Nederland en bestuurder van die Nederlandse Bank op Potchefstroom. Bisschop het hom nie die motivering vir die negatiewe besluit laat welgeval nie, 'n lang protesmotivering opgestel en daarin geslaag om die besluit herroep te kry. [167]

Hoewel Bisschop hom in die hantering van die befondsing aan Potchefstroom deurentyd ten volle met die gees en rigting van die instelling vereenselwig het, het hy nie gehuiwer nie om die skroef aan te draai vir sover dit die medium van onderrig betref. Noudat aan die gestelde vereistes voldoen is, het hy ontpop as bevorderaar-by-uitstek van die belange van die kollege-afdeling van die Teologiese Skool. In die proses sou hy homself baie ongewild maak by sy seniors in Amsterdam, by wie daar algaande 'n groeiende warsheid jeens Potchefstroom te bespeur was.

Bisschop het nou deel geword van die proses en só rapporteer hy oor die verrigtinge van die sinodale kommissie einde Oktober 1917 te Potchefstroom, met al die besluite oor die toekoms van die Kollege Departement. Hy maak solank voorbrand: "Met minder dan 2 nieuwe lektoren meende de Senaat voor 1918 niet te kunnen volstaan." [168] Enkele dae later word dit amptelik en arriveer die "beleefd maar dringend verzoek, of Uw kollege ons toch helpen zal met de benoodigde £400 voor de bedoelde 2 lectoren … tot het verstrekking van Christ. Nat. Hoger Onderwys aan tal van wakkere jong Afrikaners, en tevens zullen wy dienen als richtsnoer en lichtbaken voor het betere Hoger Onderwys, dat stellig komen zal". En word die versoek uitvoerig gemotiveer in 'n brief van vyf bladsye, met klemlegging op die rol wat die eie inrigting speel in die beskerming en verbreiding van die Christelik nasionale beginsels.

Daar word weer dankie gesê vir die geldelike ondersteuning en gespog met Boshoff, wie se pos deur die "vriende" gesubsidieer word, en wat "voortgaat met voor onze Inrichting en voor homzelf een naam te winnen in onze Afrikaanse wetenschappelike wereld". Trots spreek ook uit die aanhaling van prof WJ Viljoen van Bloemfontein (lid van die Statutêre Kommissie), wat die instelling beskryf het as "een mooi en profytelik deel van ons Afrikaanse volkslewe".

In die stryd vir hoër onderwys, betoog Kuratorium voorsitter W Postma en sekretaris WJ de Klerk verder, staan hulle alleen, heers daar 'n ant-nasionale toestand. Aan die universiteitskolleges van Stellenbosch, Bloemfontein en Pretoria is onderskeidelik 100, 90 en 80 persent van die studente Afrikaanssprekend "terwyl toch in die Inrichtingen alles Engels is: een groot getal Engelse professoren, Engels studie-program, Engels medium van begin tot eind, Engelse Senaats-vergaderingen, Engelse publikaties; kortom, Engels al wat de klok slaat. Alles dus recht tegen de nationale plooi van de grote meerderheid der studenten in." En dan, die versugting: om te reken dat byna al daardie studente uit Christelike huise afkomstig is! [169]

Op 7 Desember doen Bisschop navraag oor die versoek en op 7 Maart 1918 volg hy dit op met 'n verslag oor die goeie uitslae van die Teologiese Skool, wat 'n rekord getal van 30 studente ingeskryf het. Hy verwys ook na die verwaarlosing van die taal aan die TUK in Pretoria en heg verskeie knipsels oor die aangeleentheid aan. Hieronder tel onder meer 'n skrywe van LJ du Plessis van Potchefstroom, wat daarop wys dat die jong Afrikaanse Studentebond met sy blad *Jong Suid-Afrika* met groot ywer die bevordering van Afrikaans as voertaal nastreef. Die boodskap aan die einde van sy brief spreek duidelik: "Waar de Theologische School de **levende** kern is, waaruit zoveel nuttige aktie uitgaat en nog kan uitgaan, en waar deze School de **eenige** Hooge School is, waar het Hollandsch als voertaal wordt gebruikt, ben ik overtuigd, dat U deze instelling krachtig zult blyven steunen". [170]

Vanuit Amsterdam was die reaksie maar flou. "Voor de goeie orde" word Bisschop op 31 Januarie versoek om die Teologiese Skool in kennis te stel dat die subsidie vir Boshoff se pos net tot die einde van 1918 strek, en in die kort boodskap word dan herbeklemtoon:"Deze subsidie is dus op 31 Desember 1918 afgeloopen". Die hoop word uitgespreek dat die inrigting die pos dan verder uit eie fondse verder sal kan bekostig. By implikasie dus wel 'n negatiewe antwoord.

Bisschop stuur 'n kabelgram, op 5 April: "How about subsidy two lecturers Theological School". In die kantooropset word gevra of daar op die kabelgram geantwoord moet word, met die daaropvolgende advies: "Mij dunkt dat we over de weigering tot het toestaan van de subsidie aan de Theol. School moeten kabelen." In beide notas word verwys na briefwisseling met die voorsitter.

En dan, op 11 April, kabel Mansvelt onomwonde aan Bisschop: "Subsidy lecturers impossible". Om dit op 18 April op te volg met 'n versoek om die Teologiese Skool in te lig dat die bestuur van die Schoolfonds "met levendige sympathie en met groote belangstelling" van die versoek kennis geneem het, maar tot hul leedwese nie oor enige middele beskik nie en ook nie kans sien om langs ander weë sodanige middele te verkry nie. [171] Die deur is behoorlik in Bisschop en die Potchefstromers se gesig toegemaak.

Eers op 22 Junie word die werklike redes aan Potchefstroom deurgegee, die kat uit die sak, die aap uit die mou gelaat. Daar word veral in die Teologiese Skool baie belang gestel en as studente hul studies aan die Vrije Universiteit wil afrond, sal hulle, sover moontlik, gehelp word. Maar wat die literariese afdeling betref, vra hulle hulle self af of dit onder die nuwe onderwyswet voldoende lewensvatbaar sal wees of in stand gehou sal kan word. Inderdaad skyn die £800 wat vir 1918 toegestaan is, vir 'n instelling met net 30 studente, nie geoorloof nie. Dáárom is die versoek afgekeur.

Nou volg 'n baie betwyfelbare kompliment, saam met 'n wegveeg van die bedel-hand: "Bovendien komt het ons voor, dat dank sy ook uw arbeid, er een betere wind begint te waaien in de Afrikaansche schoolwereld en dat de Stellenbosche Universiteit, die immers Hollands als medium heeft, gelyk uit de hier ingekomen berichten van de opening blykt, haar invloed op veel studenten aan hoogere scholen zal doen gelden." [172]

Bisschop was diep teleurgesteld, het half katterig gehoop – al was dit gladnie in die gedrang nie – "dat de subsidie voor Prof. Boshoff niet hetzelfde lot moge ondergaan". Op hoofkantoor is hierdie opmerking van hom onderstreep, met 'n vraagteken daarnaas – wat duidelik ongenoë by Mansvelt aantoon. Maar Bisshop het aanhou pleit en motiveer weer op 5 Mei: die Teologiese Skool is die kern van waar die stryd vir die taal gevoer word, was steeds bereid om aan die "vriende" se eise te voldoen, is die enigste wat Hollands as voertaal in alle vakke gebruik en wil gebruik. Hy hoop van harte "dat U en Uwe vrienden ook in het vervolg deze School flink zult subsidieeren". [173]

Dit is tog asof die Schoolfonds-mense, in die summiere afwysing van hierdie jongste versoek, die deur vir die Potchefstromers so effens oopgehou het: "Met warme belangstelling volgde wy de beweging in de Afrikaansche schoolwereld en met vreugde zullen we vernemen als Uw proefneming en Uw plan toch mocht zyn geslaagd. Want, dat wy ons blyven aanbevolen houden voor meededeeling van al wat de belangen Uwer school raakt, behoeven wy U nauwelyks te verzekeren."

Of was dit maar net heuning om die mond gesmeer?

Van tou opgooi was daar by Bisschop nie sprake nie. 'n Bekommerde navraag vanaf hoofkantoor oor die taalsituasie aan TUK in Pretoria en verwagtinge dat toestande dáár spoedig sou verander, het hom die opening gebied om vroeg in September die sluise

ten gunste van Potchefstroom weer oop te trek. U sal bitter teleurgestel word in u verwagtinge, laat weet hy terug: "De stryd is **zeer** moeilyk, en wordt bovendien zwak en halfhartig gevoerd door diegenen, die daarvoor aangewezen zyn. Al is de overstelpende meerderheid der studenten Hollandsch sprekend, en al is het overgrote deel van de professoren hier te lande gebore en tweetalig, zoo buigt men nog altyd de knie voor de oude sleur. Afrikaanse 'Jingos' hebben wy thans in menigte, maar daaronder moet nog een **man** opstaan, die de moed en de kracht heeft om te hervormen."

As die "vriende" se weiering van fondse aan Potchefstroom gegrond is op die opvatting dat Hollands teenswoordig tot sy reg kom, dan versoek hy "zeer vriendelyk" dat hulle uit die dwaling gehelp word: "Ik kan er niet genoeg op wyzen, niet **dringend** genoeg, dat de Theologische School de **eenige** kern van Hooger Onderwys hier te lande [nota aan ontvangkant in kantlyn aangebring: 'd.i. Transvaal"] is, waar het Hollandsch by **alle** vakken de voertaal is, en waar de **rechte** gees heerscht. Dat die kern in het leven wordt gehouden **zonder** eenige subsidie van staatswege, en slechts ten koste van groote inspanning van wege de Gereformeerde Kerk van Zuid Afrika, en van private personen. En ik kan U en Uwe vrienden niet dringend genoeg vragen, om die **kern** toch met al Uwe krachten te ondersteunen. Als er één instelling is, die Uwe hulp verdient, Uwe voortdurende hulp, dan is het deze School, waar de Professoren zich tevreden stel met een schamel loon, en de studenten zich heelwat ontberingen moeten getroosten ter wille van hun overtuiging en hun vaderlandsliefde." [174]

Middel November oorspeel Bisschop sy hand, wat hierdie saak betref, en wel met 'n ellelange kabelgram ter bevordering van die aansoek van Potchefstroom – wat per ongeluk by die Duitse konsulaatskantoor beland en só des te meer die gefladder in bestuurskringe aanhelp! Maar salig onbewus van die herrie wat losgebars het, volg Bisschop sy telegram vroeg in Desember per brief op met 'n motivering daarvoor, naamlik sy bywoning van 'n senaatsvergadering op 5 November, waartydens weer besluit is om die Nederlandse vriende om hulp te nader. Hulp is broodnodig want die studente vermeerder en die konkurrensie van erkende instellinge wat staatshulp ontvang, word al groter.

Jan 19 -: A F S C H R I F T :- Kabelgram 54

.............Yours twebty seven june. Theological college this year closes. Thirty two students new year. At last forty five surpassing Grahamstown Maritzburg Wellington before incorporation. The fear that number of students would diminish not only unfounded but college becomes more popular. You are mistaken that dutch medium extends well university education. Progress much thwarted and slow. College still centre of action will remain so many years. Increase students means heavy additional expenditure besides new buildings and equipment, College straining every nerve meet financial demands. Senate collected tenthousand pounds for buildings equipment and synod voted extra twelvehundred annually but your help still indispensable. Kindly renew subsidy.

***1.7.20***

***Oor dié telegram was die herrie behoorlik los en het daar in die geledere van die Nederlandse "Vriende" harde woorde geval.***

Bisschop toon weer aan dat die Teologiese Skool die kern vorm van die Hollandse kultuurstryd in Suid-Afrika en dat die stryd volgehou kan word met voldoende steun, "welke steun voorlopig nog van Uwe zyde gegeven zal dienen te worden". Hy prys ook weer "deze School te Potchefstroom, waar **alles** door middel van het Hollandsch gaat, en waar een voortreffelyke, nationale geest heerscht" – teenoor die "slapheid" wat elders heers, ook te Stellenbosch, wat sogenaamd "die 'Mekka' van de Afrikaners" heet.

Toestande te Potchefstroom verg daadwerklike hulp: die Skool is gebrekkig ingerig, geboue en instrumente is primitief en min; groot beurse om studente te trek, bestaan nie, en dit ontbreek aan die weelde, gemak en stoflike voordele wat die erkende kolleges aanbied. Maar: "Toch komen zy van alle kanten van de Unie naar Potchefstroom in grootere getalen [sic!]. Zy doen dit uit overtuiging, uit beginsel. Deze jonge mannen zyn gesneden uit het hout, waarvan degelyke, zelfbewuste en strydvaardige Afrikaners kunnen worden gevormd. En deze School zal hen kneden tot dergelyke mannen."

Bisschop verwys na groeiende studentetalle en is oortuig dat die Skool homself nie net sal kan handhaaf nie, maar selfs kan uitbrei. En hy wys ook op die belangrike rol wat in die geval van verdere befondsing deur verteenwoordiging op die Kuratorium gespeel kan word. Deur sodanige benoeming is enkele jare gelede bewerkstellig "dat het laatste spoor van vreemd medium verdween". Al is hy oortuig dat "het vreemd medium" nie sal terugkeer nie, kan regeringslede, indien subsidie verleen word, dalk onsimpatiek wees en "dan zou Uwe stem een gewenscht tegenwicht kunnen zijn".

Ten slotte speel hy 'n gevoelstroefkaart: sou die vriende, wat immers die seënryke gevolge van die Skool se werk erken, dan nie juis ter erkenning daarvan en tot verdere aanmoeding en bevordering en beloning, die inrigting verder steun nie? [175]

Inmiddels is daar tuis in Amsterdam gewroeg oor Bisschop se telegram. Die verloop daarvan via die Nederlandse departement van Buitelandse Sake en vandaar na die Duitse konsulaat is deur Mansvelt as onbegryplik en deur BK de Waal van Buitelandse Sake as "eene ongelooflike domheid" en "stommiteit" bestempel [176] terwyl Mansvelt oor die telegram self behoorlik kwaad was: "Hoe de heer B. dit in zijn hoofd krijgt, om zulk een kabelgram te zenden, is onbegrijplijk, als men geen rekening houdt met het eigenaardig karakter van den man!" Hy het sterk gevoel dat Bisschop minstens vir 'n deel van die koste van die kabelgram verantwoordelik gehou moes word – welke gevoel gedeel is deur prof JW Pont, voorsitter van die NZAV, en deur Schoolfonds-sekretaris Bruchner, wat gevoel het dat sulke telegramme nie toelaatbaar was nie "tenzij in gevallen waarin van een beslissing lewe of dood afhangt van een **onzer** inrichtingen". Bestuurslid AD de Marez Oyens het egter anders geoordeel: Bisschop het syns insiens "onder aandrang van 't Bestuur geheel ter goeder trouw de kostbare telegram deed afgaan" en hoef nie vir 'n deel van die koste in te staan nie.

Oor die inhoudelike, was Pont en Bruchner kort en bondig van oordeel dat die telegram geen nuwe argumente bevat nie en dat by die vorige beslissing volstaan moes word. [177]

Nog salig onbewus van die roeringe wat deur sy telegram ontketen is, vra Bisschop in 'n veel korter telegram die vraag "IS SUBSIDY POTCHEFSTROOM EXTENDED" en wens hy Mansvelt "HAPPY NEW YEAR" toe. 'n Aanvoelbaar verergde Mansvelt skryf middel-Januarie aan Bruchner: "Ook vraagt hy weer per **kabel** om geld (Subs.) voor P.C.Stroom waarover het Schoolfonds nog moet beraadslagen en dat toch niet **kan** worden toegestaan zoals Prof. Pont in een uitvoerig schrijven heeft aangetoond." [178] Ongelukkig kon hierdie brief van Pont nie in die NZAV-Argief opgespoor word nie.

Die manne van die Keizersgracht het in Januarie 1919 die berugte lang telegram van Bisschop hanteer. Oor die eintlike saak, naamlik subsidieverlening, laat weet hulle hom dat 'n antwoord van die Teologiese Skool, op hul skrywe van 22 Junie, nog in afwagting is. Ook moet die bestuur nog oortuig word dat aan die indertydse voorwaarde (oor taalmedium) voldoen is. En buitendien: eie geldmiddele laat sulke hoë subsidies "ten eenenmale" nie toe nie, en ook van die vriende kan op hierdie tydstip weinig of geen hulp verwag word nie. Advies word gegee dat 'n beroep op Gereformeerde kerke in Nederland gemaak word.

En dan, oor die lengte van die telegram en die gepaardgaande koste: Indien die Kuratorium dit nie self betaal of daartoe bydra nie, sal die bestuur hierdie keer betaal, maar verklaar nadruklik dat hulle nie in die toekoms vir die betaling van "dergelyke overbodig lange kabelgrammen" sal instaan nie. [179]

Vanweë die stadige seepos van destyds het briewe mekaar dikwels gekruis en so gebeur dit ook nou: die uitstaande antwoord waarna die bestuur op 31 Januarie verwys het, is op 21 Desember opgestel en op 7 Januarie vanaf Pretoria na Amsterdam afgestuur. "Niet zonder verwondering", skryf rektor Jan Kamp van die Teologiese Skool, is kennis geneem van die motiewe waarom verdere steun afgewys is. Dit skyn asof meer en omstandiger inligting nodig is, en met korrespondensie word dit moeilik bereik. Daarom is die besoek van NZAV bestuurslid MP Barendsen

aan Suid-Afrika benut om hom, in geselskap van Bisschop, oor te nooi en breedvoerig in te lig "over de positie van onze School als 'n integrerend deel van de Hollandse kultuurstryd hier in Z. Afrika". Vriendelik word versoek om hom te ontvang as "onze persoonlike segsman en informant".

In sy begeleidende brief was dit maar weer die ou storie: Bisschop wat eenstryk deur lansies breek vir die Potchefstroomse instelling, en in die proses aantoon hoedat die Hollandse taal aan ander instansies soos TUK en Stellenbosch Universiteit verwaarloos word. Tot opsigtelike ergernis van die ontvanger (waarskynlik Mansvelt), wat die frase dik onderstreep met 'n vraagteken daarnaas, versoek hy "nogmaals zeer vriendelyk, maar tevens zeer dringend, dat u Uwe Vrienden moge overhalen om de Theologische School verder **krachtig** te helpen, omdat deze School de **eenige** is in de Unie, waar onze Taal werkelyk tot haar recht komt en niet de rol van Asschepoester spelen moet." [180]

In April 1919 word van kuratorekant gereageer op Kaizersgracht se meergenoemde skrywe van Junie 1918. Die rede vir die vertraging synde die groot griepepidemie wat Suid-Afrika in die tweede helfte van 1918 geteister en ook wel deeglik sy merke op Potchefstroom en sy gemeenskap gelaat het. Die kuratorevergadering waarop die saak bespreek sou word, was vir November geskeduleer maar moes tot Februarie 1919 uitgestel word.

Die motiewe op grond waarvan verdere subsidie weerhou word, word met uitvoerige bewyslewering as ongegrond weerlê, en een en ander word opgehaal oor die swak situasie waarin Hollands as medium aan die universitêre inrigtings te Pretoria, Bloemfontein en Stellenbosch verkeer. Ook die verwagtinge dat Potchefstroom nie die mas sal opkom nie, word met stygende studentetalle weerlê. Die trant van die argumentasies volg dan hoofsaaklik die lyne van Bisschof se pleidooie in Desember die vorige jaar.

Dit gaan nou om "**door**helpen", sê kuratore-woordvoerder Jan Kamp; die regering het "te lange leste" ook die betekenis van die inrigting besef en minister Malan, "die de prominentste positie in onze Regering inneemt op het gebied van Hoger Onderwys", het as waarnemende Eerste Minister onderneem om subsidie deur te voer. Daar sal nou geld nodig wees "om ons Kollege wat te moderniseren, en te brengen op een peil, dat bereikt **moet** worden, willen wy ons staande houden".

Kamp dui ook aan dat volkome skeiding tussen die Teologiese Skool en die Letterkundige Departement 'n subsidievoorwaarde is, terwyl 'n voortgesette bydrae van £400 sitting in die Kollege se bestuur sal verseker – wat sal help om die selfstandigheid van die inrigting te handhaaf en moontlike onsimpatieke invloede te neutraliseer.

Inmiddels het 'n verbitterde Bisschop van hom laat hoor oor die roskam wat hy ontvang het vanweë die omstrede lang telegram. Maar eers kry hy 'n paar vinnige houe in. Ja, hy sal die advies (om Nederlandse kerke te nader) oordra, en mettertyd terugrapporteer. Dan volg net dit: "Sedert de subsidie van Uwe vrienden heeft opgehouden, maak ik geen deel meer uit van dat Kuratorium." Wat betref die nakoming van gestelde voorwaardes, is hy oortuig dat dit reeds nagekom is. Hy regverdig sy optrede in krasse terme: "Als ik sie, dat er **dringend** behoefte is aan hulp, dat daarby haast is, wat moet ik dan doen? Zoudt U werkelyk meenen, dat ik myn plicht tegenover U en tegenover deze **hoogst** simpathieke, nationale onderwys inrichting deed, als ik dan schreef, en daarmede zeer kostbare tyd liet verloren gaan? Komen enkele luttele ponden werklik in aanmerking by zulk een groote, dringende zaak?"

Bisschop betreur dit dat niemand van bestuurskant van tyd tot tyd oorkom om self te kon sien hoe sake staan nie. Hy twyfel nie daaroor nie: hulle sal dan met hom saamstem "dat wy voor deze School, **het** bolwerk by uitnemendheid van ons Hooger Onderwys in **nationale** sin, **niet** te veel kunnen doen. Dan zoudt U over een luttele £7.3.9 geen aanmerking, hoegenaamd, maken." In die kantlyn het Mansvelt aangeteken: "Prof. Pont is nou daar!" Te oordeel aan die kantaantekeninge en onderstrepings van Mansvelt, het Bisschop se kwaai brief nie juis in die smaak geval nie. [181]

Uit die geraadpleegde stukke in die NZAV-argief wil dit voorkom asof hier 'n skerp persoonlikheidsboting in die geledere van die Nederlanders aan die ontwikkel was en kan die vraag gevra word tot welke mate dit, met inagneming van Bisschop se byna fanatiese vereenselwiging met en bevordering van die saak van Potchefstroom, dalk teen-produktief was en die saak eerder benadeel as bevorder het. Hiervoor sal egter diep gedelf moet word in die omvangryke materiaal te Kaizersgracht 141.

Vroeg in Augustus 1919 word Bisschop in kennis gestel dat prof Pont die saak van subsidie vir die Teologiese Skool persoonlik sou hanteer tydens sy besoek aan Suid-Afrika. [182] Enkele weke tevore het die formele skeiding tussen die Teologiese Skool en die Kollege of Literariese Departement 'n werklikheid geword en het die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys formeel sy beslag gekry. Die strewe en stryd om befondsing vanuit hierdie Nederlandse oord sou onder die nuwe bedeling voortgesit word.

## 1.7.10 Studente ywer vir Afrikaans

Die oorlog en oorlogsomstandighede, met al die drama en trauma wat daarmee saamgegaan het – dinge soos die dood van genl De la Rey, die Rebellie, die Upingtonse ervaringe van die drie "shirkers", die gespanne verhoudinge tussen studente en soldate op die Bult, die Hertzog-"beweging" en die stigting van die Nasionale Party, die woelige verkiesing in 1915 – het 'n sterk impak op die karige studentegemeenskap op die Bult gehad.

D.v.R (waarskynlik die latere bekende prof DJ (Dirk) van Rooy, op hierdie stadium gevorderde student en onderwyser aan Potchefstroom Gimnasium) vertolk waarskynlik die gevoel op die Potchefstroomse kampus die beste, in 'n artikel "Suid-Afrika en die Wetenskap" in die Desember 1916 uitgawe van die studenteblad: "Jong Suid-Afrika, die volk van die toekoms, is wakker geskud. Ooral is nuwe lewe te bespeur. Weer het ons mog opmerk dat daar diep in die hart van die Afrikaner nog die egte Afrikaanse kiem lê. Daar is nog Afrikaanse gevoel en die gevoel is nou weer versterk en te voorskyn geroep."

Hy bepleit die opbloei en bevordering van 'n eie Suid-Afrikaanse wetenskap, wat noodwendig 'n invloed op die taal sou hê, 'n nasionale karakter moes kry. "Dit alles", sê hy, "wijs meer op die absolute noodsakelikheid van 'n Afrikaanse Universiteit. Het ons die eers dan is ons taal, ons wetenskap, ons volk gered. Op geen ander manier kan ons nasionale voortbestaan verseker word nie." Hy verwys goedkeurend na die pleidooi hieroor kort tevore deur prof Du Toit en stel dit onomwonde as ideaal: " 'n Afrikaanse universiteit, deurtrokke van die Afrikaanse gees, met Afrikaanse professore … ". [183]

Na aanleiding van ruilnommers van hul onderskeie studentekoerante, het twee Nederlandse studente mondstukke teen die middel van 1916 hul indrukke gegee van die gees en karakter aan die Teologiese Skool te Potchefstroom. *Nil Desperandum Deo Duce* (NDDD), die mondstuk van die studentekorps aan die Vrije Universiteit van Amsterdam, bespeur "een indruk van warm nationaal gevoel onder deze toekomstige leidslieden hun volk" en bestempel die hoofinhoud van die jongste inhoud van *Veritas Vincet* as "een krachtig pleidooi voor handhaving en herovering van de vaderlandsche tradities op taalkundige, onderwijs- en godsdienstig gebied". Hulle strewe om die volk bewus te maak van hul Calvinistiese afstamming van Geus en Hugenoot word aangeprys.

In *Fraternitas* die blad van die oorkoepelende Calvinistiese Hollandse verenigings, word wel verwys na 'n mate van naïwiteit en selfs kinderlikheid wat op die Potchefstroomse kampus heers, maar daar is ook 'n ryker gevoel "als wij hun klacht hoorden, over de geringe wetenschappelike behoefte aan een eigen Afrikaansche Gereformeerde Universiteit". [184]

Die studente se ywer vir die bevordering en handhawing van Afrikaans het 'n lang pad geloop.

Daar is reeds bo verwys na die totstandkoming van die Afrikaanse Taalunie aan die Teologiese Skool in 1905 en wel na aanleiding van impulse verskaf deur uitsprake van bekende Afrikaner leiers soos JH ("Onze Jan") Hofmeyr en Gustav Preller. [185]

Na Uniewording 1910 het hierdie vereniging sy lewenskrag begin verloor, skynbaar omdat daar destyds te veel verenigings was maar dalk ook omdat die gelyke taalregte (Engels en Nederlands) in die nuwe grondwet erken is, en in Junie 1912 finaal doodgeloop. Die taak van bevordering van Afrikaans as taal is nou na ander literêre verenigings oorgedra, met die gedagte dat Afrikaans, Hollands en Engels op gelyke voet behandel sou word. [186]

Tydens die gereelde openingsvergadering van die Algemene Studente Vergadering (ASV) op 24 Februarie 1915 is 'n voorstel aanvaar dat Afrikaans voortaan die voertaal sou wees by die jaarlikse openings- en sluitingsvergaderings, "hoewel opening gelaat word vir 'n Hollandse toespraak, as die redenaar dit verlang onder biesondere omstandighede". [187]

Enkele dae later, ten tye van 'n Korps VV-vergadering, vra en kry die 18-jarige LJ du Plessis toestemming om sy lesing oor "Digters en Natuur in Suid-Afrika" in Afrikaans te lewer en word ook die bespreking in Afrikaans gevoer. En gee JC van Rooy op dieselfde vergadering kennis van 'n voorstel dat Afrikaans as amptelike taal van Korps aanvaar word. Hy het skynbaar 'n klip in 'n bos gegooi, want daar is só genotuleer: "Zyn warme pleit wordt met grote stilte aangehoord." Op 25 Maart het die gedagte tog werkilkheid geword, maar is die vryheid gelaat om Hollands te praat. [188]

Ten spyte van vroeëre bedenkinge vanuit Potchefstroom oor die Stellenbosse studente se toewyding tot die Afrikaanse saak, het laasgenoemde in 1911 net lof ingeoes met 'n goedbygewoonde en entoesiastiese taalkonferensie in die eikestad in April 1911, waar dr DF Malan en prof A Moorrees van die Kweekskool tot taalhandhawing aangespoor het. Malan veral het sterk klem gelê op taal en nasionaliteit as twee onderskeibare maar terselfdertyd onskeibare elemente. Ons is Afrikaners en behoort dit altyd te wees, spoor hy sy geesdriftige jong gehoor aan, omdat iedere nasionaliteit, deur God daartoe gevorm deur die geskiedenis en landsomstandighede, in sigself 'n reg op bestaan het. En vat hy saam: "Mijn nationaliteitsgevoel berust in de laatste instantie op een godsdienstige grondslag." [189]

Pamflette met verslae oor die taalkonferensie is ook aan die Afrikaanse Taalunie op Potchefstroom gestuur en deur lede versprei, en vanaf die Potchefstroomse kampus is daar entoesiasties gereageer: "Te Stellenbosch begint de viktorie!" [190]

Regeringsteenstand teen 'n beoogde taalfees in Kaapstad in 1912 het tot 'n massiewe taaldemonstrasie te Stellenbosch op 21 September 1912 gelei, terwyl 'n uiters suksesvolle taalfees tog wel op 1 Maart 1913 rondom die Van Riebeeck-standbeeld en in die stadshuis van Kaapstad aangebied is. Studenteleier NJ van der Merwe, prof A Moorrees, prof HES Fremantle en genl JBM Hertzog – almal persone wie se name vorentoe ook positief aan die bestaan en voortbestaan van die Potchefstroomse inrigting verbind sou word – was by dié geleentheid aan die woord. Die onlosmaaklike verbintenis tussen volk en taal, moedertaal as "het



***1.7.21***

***Die foto's van die groot taaldemonstrasie onder leiding van Stellenbosse studente, wat in Die Brandwag van 1913 verskyn het, het ongetwyfeld inspirasie op die Potchefstroomse kampus gewek.***



DIE TAAL-DEMONSTRASIE. BIJ DIE STANDBEELD VAN VAN RIEBEEK. KAAPSTAD.

Een van die meest eigenaardige en treffende gebeurtenisse van die hele taalfeest is vir ons die optog van die studente naar en versameling van hulle rondom die standbeeld van Jan van Riebeek. Die standbeeld werd indertijd deur Cecil Rhodes opgerig, meer, meen ons, als 'n soort lokaas, 'n sand in die oge strooierij, om die stem van die Afrikaner bij die stembus te vang, dan om iets anders. En wonderlik genoeg, vandaag trek die afrikaanse studente daarheen op als naar 'n soort "Mekka" en send van daar uit hulle wekroep uit aan die jongelingskap van ons volk deur die hele land heen. Is dit nie of ook hier weer herhaal word, wat gebeur is bij die skrijwe vir die eerste keer van ons afrikaanse taal met bedoelinge wat volstrek nie die belang van die Afrikaner beoog het nie? Kwaad werd teen ons gedag, maar ten goede het dit vir ons gekeer! Of moet ons misskien aanneem dat die grote Imperialist die herlewing onder ons volk met welgevalle sou aangesien het?

heiligste recht dan een mens bezitten kan", en talle ander slagspreuke het nie net in die Boland nie, maar oor die hele land weerklink en geïnspireer. [191] Hoewel die studente op Potchefstroom weens sirkulasie probleme hul intekengeld op die nuwe Afrikaanse tydskrif *Die Brandwag* na net 'n jaar moes staak, kon hulle darem nog in die biblioteek kennis neem van die gloeiende beriggewing oor verwikkelinge onder studente kollegas in die Suide, in hierdie Afrikaans patriotiese en ryklik geïllustreerde tydskrif. [192]

Op 25 Maart 1916 het twee afgevaardigdes namens Korps Veritas Vincet, JC van Rooy (aanvanklik benoem deur die Studente Algemene Vergadering, wat egter kort tevore ontbind is) en CWM du Toit, 'n groot saamtrek van die Studente Werda-komitee van Stellenbosch bygewoon. Die doel van hierdie byeenkoms (wat as "heldedag" bekend gestaan het) was, in die woorde van prof Moorrees, "om naar ons eigen volk terug te keren". Na afloop van die saamtrek is 'n besigheidsvergadering gehou en is besluit dat Werda-komitees ook deur die studente in Transvaal en die Vrystaat gestig sou word. Die Potchefstroomse verteenwoordigers se voorstel "om die werksaamhede v.d. Werda Komitee uit te brei en eigenlik te kom tot 'n federale studente bond van hollandssprekende Jong S.A.", is simpatiek ontvang[193] en het tot gevolg gehad dat afgevaardigdes van die Teologiese Skool, Grey Universiteitskollege en die Normaal Kolleges van Pretoria, Heidelberg en Bloemfontein in Mei 1916 in Pretoria byeengekom en, in plaas van losse komitees op die Werda-basis, op die stigting van 'n bond met takke en 'n sentrale bestuur besluit het. Die afwesigheid van 'n verteenwoordiger van die Transvaalse Universiteitskollege (TUK) het nie onopgemerk verby gegaan nie. 'n Voorlopige bestuur is aangewys en vroeg in Oktober 1916 het die Afrikaanse Studentebond formeel sy beslag op Potchefstroom gekry. [194]




"Op die gedenkwaardige Maandag is die bewuste Studentebond finaal vanuit die grond tot bij zijn top gevestig" en met grondslag "die verordeninge van God, wat ons erken als geldig vir die wetenskap, soals vir heel ons lewe". Anders gestel: "Dit sê al dadelik dat die jonge Bond sal Kristelik wees, in al sij doen en late, en dat hij sal wees Nasionaal … Eigenlik moet die liggaam dus beskrijwe word als Kristelik-Nasionaal." Korpspraetor JC van Rooy het gevoel dat dit nog 'n magtige faktor kan word, as dit besiel bly met 'n "edele Afrikaanse gees". Saam met Joon het DJ (Dirk) van Rooy en CWM du Toit op Potchefstroom die leiding in hierdie nuwe beweging geneem. [195]

Aanvanklik het Korps tog wel as tak van die ASB gefunksioneer, maar uit vrees vir verwatering (as Gereformeerde studiekring wat hom van ander soortgelyke verenigings onderskei deur sy beginsels en karakter, teenoor die ASB "wat Kristelik-Nasionale beginsels voorstaan en dus ruimer gekonstitueer is"), het die Afrikaanse Studievereniging as tak van die ASB op Potchefstroom ontstaan, waaraan ook oud-studente kon behoort en waar slegs Afrikaanse studiestof tydens maandelikse vergaderings behandel is. As mondstuk van die nuutgestigte ASB het gedien die blad *Jong Suid-Afrika*, wat tegelykertyd ook die mondstuk van die Unie van Debats- en Jongeliedeverenigings in Transvaal (UDJT) was en deur die drukkersfirma Koomans te Potchefstroom uitgegee is. [196]

Vroeg in Maart 1918 tree LJ du Plessis, pas aangestel as lektor in Klassieke Tale aan die Teologiese Skool na 'n jaar se studie aan die TUK, as voorsitter van die ASB toe tot 'n debat wat in *De Volksstem* gevoer is oor die voertaalkwessie aan universiteitskolleges, 'n debat wat ook sterk gefigureer het in die onderhandelinge oor Nederlandse finansiële steun aan die Teologiese Skool/ Kollege Departement. Kritiek is van verskeie kante uitgespreek teen die afskeep van Afrikaans as voertaal aan die TUK [197] en in sy brief aan die koerant haal hy 'n voorbeeld aan: "Verlede jaar was daar aan die T.U.K. 'n student wat Hollands as voertaal geneem het vir B.A. honneurs in klassieke. Sijn twee klasmaats, waarvan één 'n Afrikaner, het Engels gekies. Gevolg was dat hij tevrede moes wees met engelse kolleges …" Dis nie dat hy daarmee 'n probleem het nie, sê Du Plessis – maar as die meerderheid van 'n klas Hollands verkies, word dit nie so gedoen nie. [198]

Die student waarna hy verwys was natuurlik hyself.

Dan vestig Du Plessis die aandag op die Afrikaanse Studente Bond "wat hierdie jaar tamelik aktief gaat optree". En spel hy hul program van aksie uit: "O.a. verwag die Bond van sijn lede dat hulle Afrikaans of

***1.7.22***

***Hierdie drie Potchefstromers, het die leiding geneem in die nuutgestige Afrikaanse Studentebond (ASB). Hulle was JC en DJ van Rooy (bo) en CWM du Toit.***

Hollands als voertaal sal gebruik. Ons blad "Jong Suid-Afrika" wek ook die studente hiertoe op. Nou is die organisasie so, dat verwag word dat 'n klas sijn professor nader met betrekking hiertoe; vind hulle hier geen verhoor nie, dan kom die saak voor die bestuur van die plaselike Bondstak, wat 't dan onder die aandag breng van die Senaat; word aan hulle deur die Senaat geen reg gedaan, dan word die Bondsbestuur in kennis gestel van die moeilikheid. Só kom die saak eindelik voor die publiek, als dit glad nie meer anders kan nie."

Dit gaan nie net om Hollands nie, maar ook oor Afrikaans: "Ons moet Afrikaans hê en niks anders nie; tog lê die weg daarheen oor die hollandse brug!"

Maar dis nie al nie: "Nou het die Bond reeds die saak van Afrikaans-medium aangepak. 'n Petiesie aan die Senaat van die Univ. van S.A. en aan die Min. van Onderwijs is op die oomblik in omloop onder die studente van ons land; in dié petiesie word gevra om leerstoele vir Afr. taal en lettere en die praktiese erkenning van Afrikaans as voertaal. En, omdat ons taal in die onderwijs nie tot sijn reg kan kom nie, als dit nie ook offisieel landstaal word nie, daarom het die Studente-Bond 'n versoek gerig aan die Suidafr. Akademie, om stappe te neem, waardeur sodanige offisiële sanksie van Afrikaans bewerkstellig kan worde." En omdat hier nie net taal nie, maar ook beginsel en karakter van die twee taalgroepe [tipies van die tyd, het hy die term "rasse" gebruik] in die spel is, bepleit die ASB "skeiding van die rasse in die onderwys", [199] dit wil sê aparte oftewel moedertaal onderwys.

Die uitknipsel van Du Plessis se brief is, ter motivering van die aansoek om finansiële steun vir die Teologiese Skool/Kollege Departement by Nederlandse vriende, deur Bisschop aan sy hoofkantoor in Amsterdam gestuur. Met dié getuigskrif: "Deze jonge Vereeniging en haar orgaan worden geleid door studenten van de Theologische School. Deze jong mannen kennen uit de praktyk de waarde van het Modertaal onderwys, en zy vechten nu daarvoor." [200]

Du Plessis en die ASB se aksieplan ter bevordering van Afrikaans as medium was 'n reuse sukses, sodanig so dat Van Schoor na die jaar 1918 verwys as 'n triomf in die annale van die wording en opkoms van Afrikaans. [201] Die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika het toegegee aan die druk wat die ASB-petisie geplaas het deur in Julie 1918 Afrikaans as gelykwaardig met Hollands en Engels te erken en dit as medium vir eksaminering te aanvaar. Wat onderrig betref, is dit aan die individuele kolleges oorgelaat om daaroor te besluit. [202] Grey Universiteitskollege, waar op daardie stadium slegs drie van die 18 kursusse in Hollands aangebied was, het positief gereageer. By wyse van 'n kennisgewing van die hand van prof DF Malherbe is die goeie nuus (betreffende eksamens) aan die studente deurgegee, terwyl nog in dieselfde jaar (1918) 'n leerstoel vir Afrikaans ingestel is – met Malherbe as eerste professor in Afrikaans in die land. Die helfte van die vakke is vir Afrikaans as medium geoormerk. [203]

Die ASB se petisie is reeds vroeg in 1918 aan die Senaat van TUK besorg en het hierdie liggaam sowel as die Raad lelik laat kleitrap en allerlei skemas laat oorweeg – of, soos die TUK-geskiedskrywing dit stel, "mankoliek uitvlugte bedink". Volledige duplisering as uitweg was vir die minister onaanvaarbaar omdat hy tweetaligheid as die norm geneem het, en daar is toe besluit om in sekere kursusse die wense van die studente te eerbiedig. Op enkele uitsonderings na, was TUK in 1919 steeds 'n Engelsmedium-inrigting. Op studentevlak was die aandrang ten gunste van Afrikaans baie sterk en het die studenteblad se redakteur vir Hollands, DJ van Rooy (later dosent aan die PUK), as ideaal gestel dat die TUK "tot 'n Afrikaanse kollege, 'n Afrikaanse Universiteit, waar in die eerste plaas Afrikaans gekweek sal word", sal ontwikkel. 'n Skuilnaamskrywer sien weer 'n vergesig van TUK as 'n "Afrikaans- en Volksuniversiteit". [204]

By sowel GUK as TUK sou die mediumkwessie in die toekoms tot baie onmin en verdeeldheid en selfs rektorale krisisse lei – iets waarmee die Potchefstromers nooit te doen gekry het nie.

Ook op Stellenbosch was dit studente wat hierdie universiteit tot aksie laat oorgaan het. Op 'n massavergadering in Augustus 1918 is die Raad "beleefdelik" versoek om 'n leerstoel in Afrikaans in te stel, met die oog op die stryd vir die erkenning van Afrikaans. Soos in die geval van TUK, is die term "volksuniversiteit" ook vir Stellenbosch gereserveer. [205]

In sy petisie het die ASB ook die klem laat val op die behoefte aan volle nasionale ontwikkeling, wat afhanklik is van die gebruik van die volkstaal "op alle gebied van die volkslewe en insonderheid bij die onderwys". Hiermee is ten nouste aangesluit by die ideaal wat deur die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys gestel is, naamlik dat onderwys sy uitgangspunt sal hê in die Hollands-Afrikaanse volkskarakter. [206]

Waar pas die Teologiese Skool/Kollege Departement nou by hierdie prentjie in?

Of anders gestel: hoe sterk het die beleidmakers van die Potchefstroomse inrigting gestaan ten opsigte van spesifiek die bevordering van Afrikaans?

In die notules van die Senaat en die Kuratorium is geen spore dat, soos in die gevalle van TUK, GUK en wat spoedig as die Universiteit van Stellenbosch (US) bekend sou staan, petisies of versoeke van ASB-kant

tot hierdie liggame gerig is vir groter erkenning van Afrikaans (al was dit oor die "Hollandse brug", soos LJ du Plessis dit gestel het). Op Potchefstroom was daar wel af en toe ontevrede ondertone omdat in uitsonderlike gevalle wel van Engels as medium gebruik gemaak is – vergelyk byvoorbeeld prof Jan Kamp se goedpraat hiervan, in die onderhandelinge om finansiële steun vanuit Nederland – maar die Nederlandse "vriende" het seker gemaak dat ook hierdie anomalië spoedig uitgeskakel is.

Potchefstroom het 'n gulde kans, om die pionier-inrigting vir hoër onderwys te wees wat akademiese onderrig in Afrikaans betref, deur hul vingers laat glip. Afrikaans as vak het eers in Maart 1919 sy verskyning aan die Teologiese Skool/Kollege Departement gemaak, toe besluit is dat prof SPE Boshoff een lesing per week vir elk van die eerste- en tweedejaars BA-klasse sou aanbied. Met 'n versoek van die Teologiese Studenteklub dat teologiese studente hul preke asook opstelle in Afrikaans kon lewer, is daar effens gesloer voordat die saak na die kuratore verwys is. Later het die Senaat toestemming daartoe verleen en dit so by die kuratore aanbeveel mits sodanige studente die kursus bygewoon en 'n goedgekeurde eksamen in Afrikaans afgelê het.[207]

Die Christelik-Nasionale standpunt waarop die ASB hom van meet af gestel het, het hoë lof van prof Jan Kamp ontvang. In 'n lesing voor Korps in 1918, waartydens hy die noodsaaklikheid van 'n Christelik Nasionale Pers bepleit en beklemtoon en die pers as 'n essensiële en kragtige meewerkende faktor in die ontwikkeling en ontplooiïng van 'n volkslewe bestempel het, het Kamp die feit "dat de pas gestichte Afrikaner Studenten Bond in ronden woorden uitspreekt zijn bedoeling en zijn streven", as teken van 'n ontwakende bewustheid van Christen-volkskap op die gebied van die wetenskap bestempel.

Die kern van Kamp se lesing is dat die pers gewortel is in en voortkom uit die nasionale of volkslewe. Waar die "Hollands-Afrikaanse volk" grotendeels lede van die drie susterskerke is en "zichself aandient als behorend tot het positief belijdend christendom", sou verwag kon word dat die Hollands-Afrikaanse pers ook Christelik sou wees. Maar dis nie die geval nie: "Integendeel: in ons Hollands Z.Afrika moet men met een lantaarn zoeken de pers die, levend uit een gezond en krachtig nationaal beginsel, tegelijkertijd erkent de positief-christelike levens- en wereldbeschouwing als het grote, geestelijke voedingskanaal van dit nationale leven."

Maar vir Kamp is daar nog ander ligpunte: "En het diepere inzicht in de eisen van ons Afrikaanse Volks- en Staatsleven, 't welk gedurig blijkt uit artikelen en tijdschrifte als **Veritas Vincet,** en **Jong Suid-Afrika**







*1.7.23*

***Tydskrifte: Jong Suid-Afrika en Veritas Vincet.***

is een niet minder moedgevend verschijnsel met 't oog op de Pers van onze toekomst." Daar is volop tekens "dat 't ons mettertijd niet ontbreken zal aan pennen van grote journalistieke vaardigheid". [208]

Hoewel hulle hulle later nie primêr tot die joernalistieke beroep gewend het nie, sou die name van twee van *Veritas Vincet* se redakteurs, JC van Rooy (1916 en 'n deel van 1917) en LJ du Plessis (1918) – beide toevallig ook intens betrokke by die lansering van die ASB in hierdie tyd – asook dié van redaksielid HG Stoker(1918) en hoofredakteurs HG Schulze en AJH van der Walt (1920) in goue letters geskryf word in die annale van die stryd vir die handhawing van die Christelike en nasionale beginsels waarop hulle inrigting vir hoër onderwys gegrondves was. As lede van die personeel van die universiteitskollege wat pas hierna sy beslag sou kry, sou hulle self-verworwe joernalistieke vaardigheid baie handig te pas kom in die verskeidenheid posisies waarin van hulle leiding en koersaanduiding verwag is.

### 1.7.11 Subsidie … die droom word waar!

Deur die besluit van die sinode in Augustus 1918 was die posisie van die Kollege Departement en die Teologiese Skool dus onveranderd. Daar was nou oor 'n breë front gekombineerde aksie ten behoewe van die toekoms van die inrigting in sy tweeledige kapasiteit: een kommissie belas met die taak om die regering se arm te draai met die oog op subsidie; 'n ander kommissie wat hom sou beywer vir die afskaffing van die gewetensklousule en 'n derde kommissie wat hom positief sou toespits op ondersteuning vir die Vereniging vir Hoër Onderwys op Gereformeerde Grondslag, om sodoende vir die inrigting 'n selfstandige posisie te verseker.

'n Petisie oor die verwydering van die gewetensklousule is wel opgestel en reeds vir indiening by die parlement ingehandig, maar op advies van ministers en ander parlementslede is dit nie in die 1919-sitting van die parlement ingedien nie omdat, vanweë die op hande synde algemene verkiesing vroeg in 1920, die parlement "toe in sterwende toestand was". [209]

Met die aansoek om subsidie het dit beter gegaan en is die groen lig van die regering verkry en wel in die vorm van 'n amptelike skrywe van die ondersekretaris van Onderwys, Geo. M Hofmeyr. **(kyk p369)**

Volgens hierdie brief, wat in die verdere ontwikkelingsgeskiedenis van die universiteit 'n uiters belangrike verwysingsdokument sou word, sou die bedrag van hoogstens £4 000, op 'n £-vir-£ basis en vir drie jaar, as subsidie toegestaan word, op voorwaarde

- dat die Literariese Departement (of Kollege Departement) heeltemal van die Teologiese Skool afskei;
- dat geen gelde wat wedersyds vir die kollege bymekaargemaak word, direk of indirek vir die teologiese afdeling aangewend word nie;
- dat die subsidie tydelik is, vir minstens drie jaar, sodat die kuratore geleentheid kry "om de kwestie van inkorporasie volgens wet aanhangig te maken, wat eerst over drie jaar kan geschieden";
- dat by die aanstelling van dosente sorg gedra sou word dat die Christelike karakter van die kollege gehandhaaf word, sonder aanwending van 'n denominasionele toets, en
- dat studente aan geen godsdienstige toets onderwerp word nie.

Die bepalings van hierdie brief, wat in werklikheid maar net die voorstelle van die kant van deputate Du Toit en W Postma was, is deur die kuratore op hul vergadering op 21 Mei 1919 aanvaar. Ook is die statute van die nuwe "Potchefstroomse Universiteitskollege vir Kristelike Hoër Onderwys" goedgekeur en is prof Du Toit en di W Postma en WJ de Klerk aangewys om sake op regeringsvlak te finaliseer.[210]

'n Laaste, desperate poging om nie 'n kniebuiging voor die staat te maak nie, is deur eertydse literariese professor ds Dirk Postma van Burgersdorp aangewend: Aangesien die vorige sinode die aangevraagde £1200 wat addisioneel benodig was, toegestaan het, behoort die regeringsubsidie met die gepaardgaande voorwaardes nie aanvaar te word nie. Maar dit was 'n stem roepende in 'n woestyn, hy kon geen sekondant vir sy voorstel kry nie. [211]

Die tussentydse subsidie van die regering, wat vir 1919-1920 boekjaar £3 000 sou beloop, het vanaf April 1919 in werking getree. Saam met 'n bedrag van £2 350, wat uit die totale begroting van £3 800 vir die nuwe kollege afgeknyp kon word, het laasgenoemde weggespring met 'n begroting van £5 350. Die salarisrekening vir vyf professore (waarvan een pos vakant was), drie lektore en twee spesiale lektore het dadelik £4 750 daarvan ingesluk. [212]

Afskeiding het egter nie 'n totale breuk ingehou nie. Volgens die statute sou die kuratore, wat per definisie bestaan het uit "de personen die als trustees ook toezicht, beheer en bestuur hadden over 't Kollege Departement" van die Teologiese Skool te Potchefstroom, ses lede van die te-stigte Raad van die universiteitskollege kon benoem, teenoor die een of twee van regeringsweë.

By die besprekinge oor die samestelling van die Senaat was daar 'n effense krapperigheid omdat teologiese professore nie lede van hierdie liggaam kon word nie. 'n Voorgestelde toevoeging tot die betrokke artikel, waarvolgens hierdie professore as "adviserende" lede beskou sou word, is ook nie aanvaar nie. [213]

Op 23 Julie 1919, op vier maande na presies vyftig jaar nadat die saadjie geplant is, het die daaruit voortspruitende en steeds groeiende Literariese (later Kollege) Departement tot volle wasdom gekom. Die Potchefstroomse Universiteits Kollege vir Kristelike Hoër Onderwys (PUK vir KHO) het sy verskyning op die firmament van die universiteitswese in Suid-Afrika gemaak.

Die droom het waar geword – al was dit nie heeltemal soos voorsien is nie. Om prof JA du Plessis se uitdrukking te gebruik: Die lewe is behou, daar kan verdere ontwikkeling wees. Al mog 'n denominasionale toets nie aangelê word nie, kon darem sorg gedra word vir die handhawing van die nuwe kollege se Christelike karakter.

Sou dit kon? En sou die stemmetjie van verset stil word, toestande só aanvaar?